

# Memorandum: Leesboek

---

## Kwartaal 1

### Kortverhaal: Sien jou weer (Week 1 en 2: Aktiwiteit 5)

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter kontras is daar tussen die eerste twee paragrawe?  
**Die eerste paragraaf dui uitgebreid aan hoeveel Marisa van soetgoed hou.  
In die tweede paragraaf is sy niks lus vir soetgoed nie en wonder wat is fout met haar.**
2. Wat sien sy wat haar smaakknoppies prikkel? Waarom is hierdie woorde ironies as paragraaf 5 in gedagte gehou word?  
**Sy sien fortuinkoekies. Dit is ironies dat sy dit wil hê, want hy hou nie eens daarvan nie. Die vorige keer toe sy dit geëet het, was dit sleg.**
3. Hoeveel fortuinkoekies wil Marisa hê en hoeveel gee die verkoopsdame haar?  
**Sy wou vyf gehad het, maar die verkoopsdame gee vir haar net een.**
4. Hoe word die lengte van die verkoopsdame beklemtoon? Beskryf haar kortliks.  
**Die wyse waarop die woord *laaaaaank* geskryf is, dui aan dat die verkoopsdame baie lank is. Sy is bruin en het donker oë.**
5. Waarom het die verkoopsdame vir Marisa net een fortuinkoekie gegee?  
**Sy het gesê dat 'n mens net een toekoms het (wat deur die fortuinkoekie voorspel gaan word).**
6. Vertaal die woorde wat in die fortuinkoekie staan. Watter enkele woord val Marisa op en waarom maak hierdie woord haar onrustig?  
**“Vanaand kan jy een wens kry.” Sy is onrustig omdat die woord *vanaand* gebruik word. Sy wonder hoekom dit nie *vandag* is nie.**
7. Het sy hierdie fortuinkoekie geëet? Motiveer.  
**Nee, sy het nie die fortuinkoekie geëet nie, maar in die asblik weggegooi. Sy het al voorheen een geëet en dit is (volgens haar) sleg.**
8. Watter wens spreek sy uit?  
**Sy wil hê dat Steven Maas na haar toe moet kom.**
9. Watter funksie het die tipografies wit tussen paragraaf 15 en 16? Waarop dui dit?  
**Dit dui 'n tydsverloop aan. Dit is 'n tydsprong in die verlede. Sy dink terug aan toe hulle jonk was en saam op Rietfontein gebly het.**
10. Wat was Steven se houding toe hulle stad toe trek (paragraaf 19)?  
**Hy het na haar gekyk of sy reeds iets van die verlede was. Hy was op pad na 'n nuwe toekoms.**
11. Watter soort botsing het Marisa ervaar in paragraaf 21 toe Steven haar as iets van die verlede beskou het?  
**Innerlike botsing.**
12. Wat merk jy op omtrent die woorde wat hulle vir mekaar sê?  
**Hulle sê *sien jou weer* en dit is die titel.**

13. Hoe word dit beklemtoon dat sy nie wil glo dat haar wens waar geword het nie (paragraaf 26)?

**Die woord *néé* word beklemtoon deur die gebruik van die akuutaksent. Die woord staan ook alleen in die paragraaf.**

14. Marisa maak haarself mooi. Watter doel het sy hiermee gehad?

**Sy wil hê hy moet besef dit was 'n fout om haar te vergeet.**

15. Wat is dit wat sy haarself altyd belowe het en waarom is hierdie woorde ironies (paragraaf 32 en 33)?

**Sy het haar belowe dat sy nooit vir hom sal bel nie. Die man moet die belwerk doen. Dit is ironies, want net kort daarna besluit sy tog om hom te skakel.**

16. Haal twee woorde uit die verhaal aan wat daarop dui dat sy baie opgewonde is oor die vooruitsigte om hom weer te sien.

**Hart bokspring.**

17. In paragraaf 40 staan daar ... *sê die stem*. Wat kan die leser reeds hieruit aflei?

**Die leser kan aflei dat dit nie Steven Maas is wat praat nie.**

18. Terwyl sy oor die foon met Steven se pa praat, hoor sy die drie kloppe soos Steven altyd gemaak het, die voordeur wat oopgaan. Watter effek skep hierdie gebeure?

**Dit skep spanning en afgagting.**

19. Watter skok kry Marisa?

**Steven is die vorige Maandag by die skool raak gery en hy is op slag dood.**

20. Hierdie verhaal het 'n oop einde. Wat is die funksie daarvan?

**Die leser kan self besluit wat die uiteinde van die verhaal gaan wees.**

### **Kortverhaal: Op 'n vals noot (Week 3 en 4: Aktiwiteit 12)**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Uit watter oogpunt word hierdie verhaal vertel en waarom is dit die beste verteller om in hierdie verhaal te gebruik?

**Die ek-verteller. In hierdie verhaal vertel die verteller van haar eie ondervinding en bewoord haar emosies. Dit is dus gepas dat sy die eerstepersoonsverteller gebruik.**

2. Hierdie verhaal is in drie dele verdeel wat geskei word deur asteriske. Hoe beïnvloed dit die tydsverloop van die verhaal?

**Dit skei die tydspronge. Die tydsverloop wat chronologies op mekaar volg, word daardeur versnel.**

3. Bestudeer paragraaf 7, 13 en 14. By wie, volgens tant Anna en ouma Hester, het sy haar toondoofheid geërf? Haal 'n bewys uit die verhaal aan.

**Tant Anna en die verteller se ma was susters. Sy het haar toondoofheid dus van haar pa geërf "pa se skuld" (paragraaf 18).**

4. Die spreker is gebrandmerk as die *vals enetjie* in die familie (paragraaf 18). Het dit enige invloed gehad op die feit dat sy sou sing?

**Nee, dit het geen invloed gehad nie. Sy het dwarsdeur haar lewe lustig voortgesing.**

5. Bestudeer paragraaf 18 en 19. In albei hierdie paragrawe word sy met 'n dier vergelyk. Skryf dié woorde neer en dui die beeldspraak aan en verduidelik.

**In paragraaf 18: *Swartskaa* sou ek later eers word. Hierdie is 'n metafoor wat aandui dat sy nie die gunsteling in die familie is nie.**

**In paragraaf 19: Nes 'n *witborskraai*. Hierdie is 'n vergelyking (net soos) en dit dui aan dat sy vreeslik vals sing (haar stem klink net soos 'n kraai se gekrys).**

6. Waarom mag sy nie in die plaasskool se koor gesing het nie en watter oplossing het die juffrou bedink?

**Sy het die ander koorlede van stryk af gebring. Die juffrou het haar toe ingesluit in die koor, maar sy mag nie gesing het nie.**

7. Verduidelik wat met die woorde *ge-mime* paragraaf 22 bedoel word.

**Sy het met haar lippe die woorde gevorm, maar nie haar stem gebruik nie.**

8. Bestudeer paragraaf 31 tot 35 noukeurig.

8.1 Het tant Anna 'n blywende invloed op die verteller gehad? Verduidelik.

**Ja, sy het elke keer as sy hardop sing, haar tante se afkeurende blik in haar geestesoog gesien.**

8.2 Hoe lyk iemand wat as 'n *takhaarkêrel* beskryf word?

**Hy het heel moontlik 'n woeste bos lang hare.**

8.3 Tot watter slotsom kom sy aangaande haar gesingery?

**Haar kêrel sê niks van haar vals singery nie, dus moet dit ware liefde wees.**

9. Alhoewel tant Anna nie die hoofkarakter van die verhaal is nie, staan sy sentraal in die gebeure. Skryf 'n paragraaf van 90 tot 100 woorde waarin jy haar volledig beskryf soos wat sy in die verhaal gekarakteriseer word.

**Voorbeeldantwoord:**

**Tant Anna was 'n glansryke operasangeres. Sy het 'n bos rooi hare gehad en was lank en slank en eksentriek. Sy het selfs 'n aandrok gedra as sy in die tuin gewerk het. Sy het sang- en klavierlesse aangebied en het 'n goeie sin vir humor gehad. Sy het selfs 'n grappie op haar man se begrafnis gemaak. Sy was eerlik en het sonder omhaal van woorde prontuit gesê dat die spreker vals is. Sy het lewenslank 'n invloed op die spreker gehad en die spreker het haar deurgaans bewonder.**

**Gedig: *Jy's man alleen* & *My hart is 'n hamburger* (Week 5 en 6: Aktiwiteit 20)**

**Gedig 1: *Jy's man alleen* – Boerneef**

**Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Die titel is 'n stelling. Na wie verwys die *jy's* (titel, versreël 1 en 2)? Wat word hierdeur bereik?

**Dit is vingerwysing. Die woord *jy* word gebruik en nie *ons* nie. Dit verteenwoordig elke mens en is dus universeel.**

2. Wat is die funksie van die titel wat in versreël 1 herhaal word?

**Beklemtoon dié woorde en hef dit uit.**

3. Wat is 'n *flottina* (versreël 3)? Hoe word dit bespeel in hierdie gedig?

**Dit is 'n oudtydse musiekinstrument vir 'n dansparty. Dit word met oorgawe bespeel om sy moontlikhede te demonstreer *klawer hom hier en klawer hom daar*.**

4. Aanvanklik was daar vir die eensame tog 'n bietjie lewensvreugde. Watter woorde dui aan dat dit van korte duur was?

**Die woorde *bietjie* en *maar* dui aan dat dit net tydelik was.**

5. Gee 'n sinoniem vir die woord *doepa* (versreël 8). Waarom sou dié sinoniem nie in die gedig pas nie?

**Medisyne. Dit het nie dieselfde gevoelswaarde nie en pas nie by die dialek nie.**

6. Van watter stylmiddel word daar baie in hierdie gedig gebruik gemaak? Watter funksie vervul dit?

**Herhaling dui die toenemende vereensaming aan.**

7. Progressie is vooruitgang en ontwikkeling en regressie is agteruitgang en terugkeer. In hierdie gedig is daar duidelike agteruitgang tot die uiteindelijke *doodstil* (versreël 9) wat die dood simboliseer.

- 7.1 Dui die regressie in hierdie gedig aan.

**Man alleen, bly alleen, later, alleniger later, stiller en doodstil.**

- 7.2 Watter woord vorm die klimaks in hierdie gedig? Watter dubbele betekenis kan aan hierdie woord geheg word?

**Doodstil. Om doodstil te bly en om dood te wees – as jy dood is, kan jy nie meer praat nie. Dood (die dood) stil (die stilte).**

8. Skryf die tema van hierdie gedig neer.

**Die dood is onvermydelik. Geen mens kan dit ontsnap nie. Dit is die paadjie wat elke mens op aarde moet stap.**

9. Hierdie gedig het nie leestekens nie en dit is 'n kenmerk van Boerneef se gedigte. Wat word daardeur bereik? Verduidelik hierdie stelling.

**Dit is 'n kenmerk van Boerneef se gedigte. Leestekens is beperkend. Sy gedigte is gestroop, selfs van leestekens. Slegs die belangrikste bly agter. Daar is deurgaans 'n sterk gevoelstroom in sy gedigte.**

## **Gedig 2: *My hart is 'n hamburger* – Jaco Jacobs**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Benoem en verduidelik die beeldspraak wat in die titel voorkom.

**Die spreker stel sy hart (sy liefde) aan 'n hamburger gelyk.**

2. Wat is die funksie van die enjambement in die eerste paar versreëls?

**Gee vloeiendheid aan die gedig.**

3. Watter allitererende klank is in die eerste drie versreëls opvallend? Waarom die gebruik van hierdie klank?

**Die s-klank. Dit is 'n sagte klank wat met musiek geassosieer kan word.**

4. Bestudeer die gebruik van die woord *waiter* in versreël 4 noukeurig. Hier word die woord as 'n werkwoord gebruik. Gee die suiwer Afrikaanse woord hiervoor.

**Die Afrikaanse woord vir *waiter* is kelner, maar as werkwoord sal dit eerder *bedien* wees.**

5. Waarom die alleenplasing van die woord *hom* in versreël 7?

**Die woord word uitgehef. Dit het die spreker seergemaak dat sy saam met die 'hom' was.**

6. Watter woordspeling is daar in versreëls 8 en 9?

**Die woordspeling met *spur* kan tweeledig wees: *die braairestaurant en op die ingewing van die oomblik (spur of the moment).***

7. Wat wil die spreker eintlik met die laaste drie versreëls sê?

**Dat die meisie sy hart gebreek (opgeëet) het deur saam met 'n ander ou te wees.**

### **Kortverhaal: Getrou (Week 7 en 8: Aktiwiteit 26)**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Salmon Verwey was 'n natuurliefhebber. Waaruit maak die leser hierdie afleiding?

**Hy het in die Boland, op Franschoek gaan werk om naby die berge te wees.**

2. Salmon het maande lank gespaar om die bokserhond, Carlos, te koop. Wat sê hy van 'n opregte dier (paragraaf 3)? Skryf hierdie aanhaling neer.

**Omdat 'n dier vir hom so opreg mooi is, is 'n opregte dier vir hom die mooiste.**

3. Watter kontras is daar tussen die hond en die kat?

**Die hond is duur gekoop en opreg, die kat is 'n optelkat wat hom by sy huis tuisgemaak het.**

4. Wat het Salmon die kat genoem en wat het hy hierdeur verseker?

**Hy het haar Don genoem en saam met die hond se naam, vorm dit 'n eenheid. Sodoende het hy verseker dat hulle aan mekaar verbonde is.**

5. Bestudeer paragraaf 5, 6 en 7. Hier is die ruimte in fokus. Waarom dink jy word dit so volledig beskryf?

**Salmon is lief vir die natuur en die berge. Hy ken die berge en daarom word dit so volledig beskryf.**

6. Waarom is Salmon so gegrief dat daar na Duitoitskop as 'n "kop" verwys word?

**Hy beskou dit as 'n berg en nie 'n koppie nie. Hy dink dit is veel groter as 'n blote kop.**

7. In paragraaf 9 word die hond en die kat se belewenis van die uitstappie beskryf.

7.1 Wat is opvallend in hierdie paragraaf?

**Die kat en die hond vang nie die tarentaal en die haas nie.**

7.2 Waarom word hierdie inligting gegee?

**Die leser word aan die omgewing bekend gestel. Later in die verhaal vang hulle wel die tarentaal en die haas.**

8. Salmon gly en val. Watter redes voer hy aan waarom hy geval het (paragraaf 11)?

**Dalk het hy te mak geword en gedink dat die berge hom ook liefhet. Dalk was hy te haastig, want hy wou hoog bo in die koppe gaan draai het.**

9. Hoe word Salmon se val tipografies uitgebeeld?

**Paragraaf 14 en 15 is kort sinne.**

10. Sal daar spoedig iemand kom om hom te soek? Tot watter besef kom hy?

**Hy het vir niemand gesê dat hy nie die nag gaan oorbly nie. Niemand sal hom dus kom soek voor Maandagoggend as hy nie vir werk opdaag nie.**

11. Salmon se twee diere het by hom gewaak deur die dag en nag. Beskryf hoe die luiperd se aanval afgeweer is.

**Salmon het vuurhoutjies en stukkies brandhout na die luiperd geslinger. Dit het die hond en die kat aangehits om die luiperd van alle kante aan te val. Die luiperd is gewoond om die aanvalswerk te doen en het na 'n woeste geveg die aftog geblaas.**

12. Watter soort botsing het plaasgevind tussen die hond, kat en die luiperd?

## 'n Fisiese botsing.

13. Salmon val van die krans af. As watter soort botsing kan hierdie beskou word?

**Dit is 'n botsing teen die natuur.**

14. Wat besef Salmon aangaande sy fisiese toestand nadat die geveg verby was? Beskryf volledig.

**Hy besef dat hy koors het en dat daar moontlik ontsteking in sy wonde gekom het. Soms het hy warm gloede, maar later kry hy weer baie koud.**

15. Haal 'n woord uit paragraaf 51 aan wat 'n goeie voorbeeld van klanknabootsing is. Verduidelik watter klank nageboots word.

**Klapper. Die geklap van sy tande opmekaar.**

16. In paragraaf 53, 54 en 55 is daar sintuiglike waarneming. Dui die sintuie wat gebruik word, aan en gee 'n voorbeeld by elk.

**Sig – “die wingerd in die herfs verbrons”**

**Gehoor – “daar is niks stiller as 'n berg nie”**

**Gevoel – “voel ... die geweld van sy winde”**

**Reuk – “in die klam winterblare”**

**Smaak – “jy moet hom proe”**

17. Wat doen Don Carlos om Salmon aan die lewe te hou?

**Don bring 'n tarentaal en skeur lang repe in die vel en Carlos bring 'n haas wat hy gevang het. Salmon eet dan die rou vleis.**

18. Salmon dink dat hy nie gered gaan word nie en praat asof hy afskeid wil neem van alles wat vir hom dierbaar is. Wat sê hy van Franschhoek?

**'n Mens kan nie seker sê dat Franschhoek die hart van die Boland is nie, maar hy weet dat die Boland se hart nie sonder Franschhoek kan klop nie.**

19. Bestudeer paragraaf 71 met aandag. Wat is die funksie van die ellips in hierdie paragraaf?

**Dit dui aan dat hy net fragmente hoor van dit wat om hom aangaan. Hy is bewusteloos en kan nie alles hoor of inneem nie.**

20. Hoe is Salmon gered?

**Die hond het sy vriende gaan haal en getjank en geblaf en geweier om hulle met rus te laat voor hulle nie saam met hom die berge in is nie.**

21. Waarom sluit Salmon tevrede sy oë (paragraaf 76)?

**Hy is tevrede nadat hy gesien het dat sy hond en kat veilig is.**

22. Watter opmerking maak Salmon ten einde?

**Hy sal die berge altyd die liefste hê, maar sy diere nog 'n bietjie liefwer.**

## **Gedig: Ná 'n besoek aan die dieretuin (Week 7 en 8: Aktiwiteit 27)**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Bestudeer die titel noukeurig. Wanneer is hierdie gedig geskryf en waarom is dit insiggewend?

**Dit is ná 'n besoek aan die dieretuin geskryf. Die gebeure in die dieretuin het die spreker tot nadenke gestem.**

2. Waarmee maak die kraaie in die dieretuin nes en waarom is dit skrywend hartseer?

**Met draad in plaas van grassies. Dit is al wat in die omgewing beskikbaar is. Hulle word ontnem van die natuurlike.**

3. Watter twee sake word in versreël 3 en 4 teenoor mekaar gestel?

**Die staaiahokke waarin die voëls aangehou word staan teenoor die riete in die veld – hulle natuurlike habitat.**

4. Watter tegnieke word aangewend om versreël 4 klankryk te maak?

**Alliterasie (r- en v-klanke) en assonansie (i-klank).**

5. Bestudeer strofe 2 en 3 noukeurig. Wat word telkens in die eerste versreël van die twee strofes (versreël 3 en versreël 7) beskryf en hoe word dit uitgehef?

**Die koue hokke van die dieretuin (staalkoue en ysterhokke) word beskryf. Dit vorm 'n kontras met hulle eie habitat. Dit word deur agterplasing / eindplasing en kort versreël uitgehef.**

6. Elke strofe eindig met 'n kommapunt. Wat word daardeur bereik?

**Elke strofe vertel van iets anders, dit vorm egter 'n geheel. Daar is drie kommapunte, maar slegs één sin.**

7. In versreël 6 en 10 word die woord *nog* gebruik. Wat suggereer hierdie woord?

**Dit gebeur wel nog steeds dat die diere voortplant, maar daar kan nie met sekerheid gesê word vir hoe lank dit nog gaan gebeur nie. Die gevangenskap kan 'n invloed op die diere hê.**

8. Wie is die *ek* en *jy* wat in die slotkoeplet genoem word en watter funksie verrig hierdie verwysing?

**Dit verwys na die moderne mens wat hom in 'n onvriendelike stadsomgewing bevind.**

9. Watter vergelyking word hier tussen die diere in die dieretuin en die mens getref wat ook die tema van die gedig vorm?

**Die mens is in sy *enkelkamer* vasgevang, net soos die diere in die hokke. Die mens moet – maak nie saak van sy omstandighede nie -sy vreugde vind.**

10. Waarom is die woord *vreugde* in versreël 12 ironies?

**Dit verwys na die diere se “vreugde”. Hulle sal eerder ware vreugde in hulle natuurlike habitat vind.**

## **Gedig: Sproeireën & regte boeretuintjie (Week 9 en 10: Aktiwiteit 34)**

**regte boeretuintjie** deur Andre Letoit

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Bestudeer die titel noukeurig.

1.1 Waarom verwys die titel na 'n *regte boeretuintjie*?

**Die meisie word telkens met vrugte vergelyk wat in 'n boer se tuin voorkom.**

1.2 Watter woordspeling kry ons hier?

**Dit is 'n woordspeling met *boerenooientjie*.**

2. Hierdie is 'n vrye vers. Watter kenmerke van die vrye vers kom in hierdie gedig voor?

**Daar is nie 'n vaste rymskema nie. Daar is nie 'n vaste strofe-indeling nie. Geen hoofletters word gebruik nie. Geen vaste ritme kom voor nie.**

3. Wat word bedoel met die woorde *sy maak my bitter heel* (versreël 2)?

**Die meisie laat sy bitterheid verdwyn.**

4. Verklaar die spreekwoord *rot en kaal gesteel* (versreël 5).

**Dit beteken om alles te steel – daar bly niks oor nie. Dit beklemtoon die felheid daarvan.**

5. Die eerste twee strofes is van toepassing.

5.1 Verduidelik die metafore wat in versreël 1 en 6 voorkom.

**Die meisie word telkens metafories gelyk gestel aan 'n nartjie en 'n appel.**

5.2 Watter rympatroon om in versreël 2 tot 5 en in versreël 7 tot 10 voor? Waarom is dit gepas?

**Omarmde rym (bccb). Dit pas goed by die paartjie waarvan hier sprake is.**

6. Lees weer die eerste twee strofes. Skryf drie aanhalings uit die gedig neer wat daarop dui dat die meisie 'n uitwerking het op sy finansies / hom baie geld kos.

**Aan die “einde van die maand” (versreël 13) is hy “rot en kaal” (versreël 14) gesteel. Die woorde “pennie-rooi” (versreël 17) en “pitte” (geld) (versreël 19) wys ook daarop dat sy hom baie geld kos.**

7. *maar die pitte gee my grief* (versreël 10) is van toepassing.

7.1 Watter enkele woord dui op 'n teenstelling?

**Maar is 'n teenstellende voegwoord en lui die teenstelling in.**

7.2 Word die *pitte* hier letterlik of figuurlik bedoel? Waarna verwys dit?

**Figuurlik. Dit beteken dat daar dinge is wat die meisie doen wat hom hinder / pla / irriteer.**

7.3 Gee die korrekte Afrikaans vir *gee my grief*. Verduidelik.

**Die korrekte Afrikaans is: dit grief my. Dit is direk vertaal uit die uitdrukking *dit gee my griewe*.**

8. Verduidelik in jou eie woorde wat versreël 11 en 12 beteken: *daar's 'n vrou in elke geur en 'n geur in elke vrou*.

**Dit verwys na Opperman se gedig wat sê dat 'n sekere geur die herinnering van 'n spesifieke vrou oproep, maar elke vrou het ook haar eie, unieke geur.**

9. Bestudeer strofe 4 (versreël 16 tot 21) noukeurig.

9.1 Gee *sy's pittig* se letterlike en figuurlike betekenis.

**Letterlik verwys dit na die pitte van die nartjie.**

**Figuurlik verwys dit dat sy pittig is – snaaks, komies, gevatte dinge sê.**

9.2 Watter dubbele betekenis kan aan die woorde *ek het haar bitter, bitter lief* geheg word en hoe word hierdie woorde uitgehef?

**Dit dui daarop dat hy haar baie lief het. Dit dui ook op die bitter (sleg) van die verhouding. Dit word uitgehef deur die herhaling en die stadige tempo wat deur die komma teweeggebring word.**



## Kwartaal 2

### Volksverhaal: Die verhaal van die Boggelrug (Week 1 en 2: Aktiwiteit 40)

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarop het die boggelrugmannetjie gespeel en waarom het dit juis die kleremaker ontroer?  
**Hy het op 'n luit gespeel. Die pragtige musiek het die kleremaker se bui gelug sodat hy nie meer swarmoedig was nie.**
2. Watter soort verteller is hier aan die woord?  
**Alomteenwoordige verteller.**
3. Noem een voorbeeld van 'n uiterlike botsing en een voorbeeld van 'n innerlike botsing.  
**Uiterlike botsing: Die kameeldrywer slaan die boggelrug met die vuus en skop hom.**  
**Innerlike botsing: Die winkelier is geskok en oorbluf as hy besef dat die man dood is en dink dat dit hy is wat vir sy dood verantwoordelik is.**
4. Watter kenmerke van 'n volksprokie kom in hierdie verhaal voor?  
**Dit bevat sprokieselemente: bonatuurlike dinge gebeur, soos dat die boggelrug verstik, hy word geskop en geslaan en word in 'n skoorsteen laat sak sonder dat hy blywende beserings opdoen. Hierdie verhaaltjie is kompak en geen onnodige inligting word verskaf nie. Dit is vir kinders of jongmense geskryf. Die goeie oorwin die slegte en die storie het 'n gelukkige einde.**
5. Dit is belangrik dat jy kan onderskei tussen die narratief (wat gebeur volgende) en die intrige (waarom gebeur dit – oorsaak en gevolg). Jy gaan nou hierdie verhaal opsom asof jy dit kortliks aan 'n vriend gaan vertel. Jy sal merk dat die narratief en die intrige in hierdie verhaal nou verweef is. Hierdie opdrag moet in ongeveer 300 woorde afgehandel word.  
**'n Arabiese kleremaker is beïndruk met die boggelrugmannetjie se fluitspel en nooi hom vir ete. Die honger boggelrugman verorber die kos. 'n Visgraat steek in sy keel vas en hy val neer. Om uit die penarie te kom, neem die kleremaker en sy vrou die man na die dokter se huis. Hulle betaal die bediende vir die ondersoek en plaas die “dooie” man op die trap. Die dokter is bly oor dié vooruitbetaling en hardloop die trap af. Hy val oor die man en saam rol hulle tot onder. Die dokter sien dat die man dood is en dink dit is sy skuld. Hy laat hys die lyk af in die skoorsteen van die winkelier wat onder hom bly. Die winkelier kom tuis en sien iemand in sy skoorsteen staan. Hy slaan die persoon. Die lyk val voor hom neer. Hy dink dat hy sy dood veroorsaak het. Hy sit die lyk buite in die donker teen 'n muur. 'n Kameeldrywer met sakke vol geld kom verbygery en raak aan die lyk. Die lyk val bo-oor hom en hy slaan dit met die vuus. Die soldate neem hom in hegtenis. Hy word ter dood veroordeel. Net voor die vonnis voltrek word, kom die winkelier en erken dat hy die boggelrugman doodgemaak het. Hulle laat die kameeldrywer vry en wil die winkelier doodmaak. Maar toe kom die dokter en sê dis hy wat die man se dood veroorsaak het. Die soldate gryp die dokter en net toe hulle hom wou doodmaak, kom die kleremaker en vertel hoe die hele storie begin het. Die Sjeik hoor die storie en verklaar almal onskuldig. Die visgraat word uit die boggelgelrugman se keel gehaal. Daar maak hy sy oë oop. Hy was net bewusteloos.**

### Gedig: Die Visser (Week 1 en 2: Aktiwiteit 41)

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van versreël 1?  
**Dit dui die direkte rede aan. Die visser se direkte woorde volg daarna.**

2. Die visser het “belowe” dat hy sal terugkom. Waarom kon hy nie sy belofte nakom nie? Watter lewenswaarheid lê hierin opgesluit?

**Die noodlot het ingegryp. ’n Mens weet nie wanneer jy die dag gaan sterf nie. Die mens wik, God beskik.**

3. Bestudeer die gebruik van die woord *tart* in versreël 8.

3.1 Van watter woord is *tart* afgelei?

**Terg.**

3.2 Is dit ’n goeie woordkeuse? Motiveer.

**Dit is ’n baie goeie woordkeuse. Die a-klank in die woord *tart* maak dit baie meer deurdringender en sterker.**

4. Haal ’n voorbeeld van alliterasie uit die tweede strofe aan en omkring die allitererende klank. ... **wildste weer** ...

5. Bestudeer versreël 10 met aandag: *het swaar die see gebrom* –

5.1 Watter soort beeldspraak kom in hierdie versreël voor? Verduidelik.

**Personifikasie, ’n menslike eienskap (brom) is aan die see gegee.**

5.2 Haal ’n voorbeeld van klanknabootsing aan. Watter klank word nageboots?

**Die woord *brom* is ’n goeie voorbeeld van klanknabootsing. Die klank wat die see en branders maak, word nageboots.**

5.3 Wat merk jy op omtrent die woordorde in hierdie sin? Watter funksie vervul dit?

**Daar is omgekeerde woordorde. Dit moes wees: *Die see het swaar gebrom*. Dit is verander terwille van die ritme.**

5.4 Watter funksie het die aandagstreep in hierdie versreël?

**Dit dui ’n ruspose aan sodat die voorafgaande sin beklemtoon word. Dit vestig die aandag op die twee laaste versreëls wat die hoogtepunte vorm.**

6. Watter eufemisme (versagtende vorm) word in die slotstrofe gebruik?

**In plaas van *dood* word die woorde *vir ewig stom* gebruik.**

7. Watter twee woorde dui die verteltrant aan?

**En toe ...**

8. Is die tempo in hierdie gedig vinnig of stadig? Wat bewerkstellig hierdie tempo?

**Dit is stadig. Dit word bewerkstellig deur die vaste ritme en die baie leestekens wat gebruik is.**

## **Drama: In lewende lywe (Week 3 en 4: Aktiwiteit 48)**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

#### **Opdrag 1: Pre-lees**

1. Aan die begin van ’n drama word die karakters wat daarin speel gegee. Wat noem ’n mens so ’n lys?

**Karakterlys.**

2. Hoe verskil die struktuur van ’n drama en dié van ’n verhaal van mekaar?

**’n Verhaal bestaan uit sinne, paragrawe en hoofstukke terwyl ’n drama uit bedrywe en spreekbeurte bestaan.**

3. Gaan die lys van persone wat in die drama optree, noukeurig deur en vluglees die inligting oor hoe die toneel waar die drama afspeel, moet lyk. Kan jy reeds hieruit aflei waarom die drama gaan?

**Ja, daar staan dat 'n robot een van die "karakters" gaan wees en die stuk speel af in 'n elektroniese laboratorium.**

4. Bestudeer die titel *In lewende lywe*. Wanneer word hierdie uitdrukking gebruik?

**Dit beteken in eie persoon, in werklikheid.**

5. Wat noem ons die persoon wat die drama geskryf het, in hierdie geval De Waal Venter?

**Dramaturg.**

6. Wat noem ons die persoon wat die drama op die planke bring en die akteurs en aktrises afrig?

**Regisseur.**

### **Opdrag 3: Post-lees**

#### *Bedryf 1*

1. Watter funksie het die inligting wat die toneel beskryf?

**Dit gee instruksies aan die regisseur oor hoe die dekor en rekwisiete op die verhoog moet lyk.**

2. In spreukbeurt 1 sê Leon dat hulle eintlik op oortyd-betaling geregtig is. Hy praat hier van die professor Viljoen Du Toit. Wat kan die leser alreeds hieruit van die professor aflei?

**Dit gee reeds 'n negatiewe beeld van hom. Hy betaal nie sy werkers na behore nie. Hy is moontlik 'n slawedrywer.**

3. Die professor is besig met allerlei eksperimente. Watter belangrike kenmerk van hom gee Renè van hom in spreekbeurt 4?

**Hy is nie onnosel nie – dus slim, eintlik superslim!**

4. Lees Leon se spreekbeurt 10 noukeurig. Hoe word die professor hier gekarakteriseer? Watter karakteriseringsstegniek word in die eerste klomp spreekbeurte gebruik om die professor aan die leser bekend te stel?

**Hy is selfgesentreerd en hou daarvan dat hulle goeie goed oor hom skryf. Hy word gekarakteriseer deur wat ander (Leon en Renè) van hom sê.**

5. Watter woord in spreekbeurt 11 en 12 word herhaal? Dink jy hierdie kan 'n voorspelling wees dat daar iets onheilspellend gaan gebeur? Watter funksie verrig dit hier?

**Die woord *bang* word herhaal. Dit is 'n voorspelling dat iets onheilspellend gaan gebeur. Dit skep spanning en afwagting.**

6. In spreekbeurt 16 sê Leon dat die robot baie na 'n mens lyk. Soos wie lyk die robot?

**Leon sê die robot lyk baie soos Renè.**

7. In spreekbeurt 22 en 24 het die professor 'n woedeuitbarsting. Waarom is hy so kwaad?

**Hy het 'n artikel in 'n koerant gelees en 'n wetenskaplike met die naam Merensky het sy werk in die robotkunde gekritiseer.**

8. Lees spreekbeurt 24 aandagtig deur. Wat suggereer die professor met hierdie woorde? Onthou dat suggestie is nie dit wat daar staan nie, maar dit wat jy tussen die lyne kan aflei.

**Hy sê die ander wetenskaplikes weet niks. Hierdeur sê hy eintlik dat hy die enigste een is wat iets weet.**

9. Hoe word dit beklemtoon in spreekbeurt 24 dat die ander wetenskaplikes niks weet nie?  
**Die herhaling van die woord *niks*. Die gebruik van die woorde *niks tot in die miljoenste mag*. So iets bestaan nie werklik nie. En die gebruik van die woord *zero*.**
10. Wat is die funksie van die ellips (stippels) in spreekbeurt 40? Hoe dink jy sou die akteur hierdie woorde sê?  
**Dit dui die pouserings aan. Die akteur sal hierdie woorde hard en duidelik sê.**
11. Lees spreekbeurt 45 aandagtig.
- 11.1 Hoe verwys die professor na homself? Waarom is dié gebruik insiggewend?  
**Hy verwys nie na “ek” nie, maar gee sy volle name: Viljoen du Toit.**
- 11.2 Om watter ander rede sou hy na homself verwys as Viljoen du Toit?  
**Die kyker / lesers leer dan sodoende sy naam ken.**
12. Bestudeer die toneelaanwysings in spreekbeurt 49 en dié na spreekbeurt 52. Skryf die twee woorde wat die professor beskryf, neer.  
**Selftevrede en meerderwaardig.**
13. Van die begin van die drama kom die lesers agter dat Leon in opposisie met die professor staan. Hy trek gesigte agter sy rug en bevraagteken dit wat hy sê. Waarom is die professor kwaad omdat die robot Alpha na Leon luister en sy bevele uitvoer?  
**Hy wil in beheer wees en wil nie toelaat dat die robot iemand anders gehoorsaam nie.**
14. Waarvan beskuldig die professor vir Leon in spreekbeurt 81 tot 83? Dink jy dit is regverdig?  
**Hy beskuldig Leon dat hy doelbewus die eksperiment vernietig het om hom te diskrediteer. Hy sê Leon is agterbaks en moedswillig. Leon het slegs gedoen wat die professor gevra het hy moet doen en verdien nie hierdie beledigings nie.**

## *Bedryf 2*

15. Renée merk onraad toe sy die volgende oggend by die laboratorium instap.
- 15.1 Hoe lyk die professor fisies?  
**Hy lyk moeg en uitgeput: sy hare is deurmekaar en sy das is los.**
- 15.2 Wat het die professor heelnaag gedoen?  
**Hy het die heelnaag gewerk om Alpha te herstel.**
16. Hoe was Renée se houding toe die professor nie vir Alpha weer reg kon kry nie?  
**Sy was ondersteunend en het hom bemoedig.**
17. Bestudeer spreekbeurte 103, 104 en 105. Watter woord word hier herhaal wat die kern van die professor se gedrag vorm?  
**Die woord *stuit* word herhaal. Die professor sal nie gestuit (gestop) word voordat hy in sy doelwit geslaag het nie.**
18. In spreekbeurt 108 sê die professor dat hy reeds ’n oplossing gekry het. Wat was die oplossing?  
**Hy het besluit om Renée in ’n robot te verander wat soos ’n mens lyk en soos ’n mens optree.**
19. Renée sê dat sy die vorige aand saam met Leon uit was. Hoe reageer die professor daarop?  
**Hy is skielik kil.**
20. Bestudeer spreekbeurt 121 baie noukeurig.

- 20.1 Hoe beskryf die professor Leon hier?  
**Hy beskryf Leon as onbekwaam, onbetroubaar.**
- 20.2 Watter emotiewe woorde gebruik hy om Leon mee te beskryf en wat wil hy hierdeur bereik?  
**Hy gebruik die emotiewe woorde *onbenullige ventjie* om hom te beskryf. Let op die verkleining om sy minagting aan te dui. Hy wil Leon verneder.**
- 20.3 Let op na die professor se eerste woorde in hierdie spreekbeurt. Waarom is hierdie woorde ironies?  
**Hy sê *My liewe kind*, maar daarna vaar hy uit en beledig Leon.**
21. Die professor gooi iets in Renèe se koffie om haar aan die slaap te maak. Hoe ondersteun haar woorde haar handeling in spreekbeurt 129?  
**Haar woorde sê sy is vaak en haar handeling ondersteun dit deur die koppie in haar hand te laat los.**
22. Bestudeer die toneelaanwysings na spreekbeurt 130. Hoe word die tydsverloop in die drama uitgebeeld?  
**Die ligte verdoof en dit dui die tydsverloop aan.**
23. Wat staan sentraal in die gesprek tussen Pieter en Leon (spreekbeurt 133 tot 134)?  
**Die feit dat die robot soos 'n mens moet lyk en kan funksioneer.**
24. Haal 'n woord uit spreekbeurt 137 aan wat die professor se intellektuele vermoë beskryf.  
**Genie.**
25. Skryf die woorde wat die kern van die professor se doelwit in hierdie eksperiment saamvat uit spreekbeurt 142 neer.  
**“ 'n robot wat presies soos 'n mens optree, beweeg en intelligent reageer op versoeke en bevele ...”**
26. Naamgewing van die twee robotte is toepaslik. Verduidelik.  
**Alpha – die eerste, die begin.  
Beta – die tweede.**
27. Die media-mense vat aan Beta en sy voel soos 'n mens. Watter verduideliking gee die professor hiervoor?  
**Silikon-jel is onder die kunsmatige vel versprei en 'n verwarmter wat in die reostaat ingebou is, verskaf die hitte.**
28. Bestudeer spreekbeurt 182 noukeurig. Die toneelaanwysings en die dialoog sluit by mekaar aan. Verduidelik.  
**Die toneelaanwysings sê dat die professor sarkasties is en sy woorde is ook sarkasties. Hy sê dat hy bly is dat Leon 'n kundige is, maar in werklikheid dink hy niks van Leon se kundigheid nie.**
29. Leon neem in spreekbeurt 187 tot 195 die rol van 'n rubriekskrywer aan. Hy stel indringende vrae aan die professor en bevraagteken selfs wat hy sê. Die professor sê dat hy hom later die aand sal ontmoet. Watter verdagte versoek rig die professor hier?  
**Hy wil hom *alleen* spreek.**

### *Bedryf 3*

30. Toe Leon by die professor opdaag, praat hy eers oor Renèe. Wat sê hy van haar?

**Hy sê dat hulle 'n paartjie is en dat sy vermis is. Hy soek na haar.**

31. Hoekom vra die professor of Leon met iemand anders hieroor gepraat het (spreekbeurt 232)?  
Waarop dui dit?

**Dit dui op sy onderduimse planne. Hy wou weet of iemand anders ook na Renée gaan soek en sy planne kom belemmer.**

32. Beta probeer teen die professor se bevele gaan. Watter rede voer die professor aan waarom sy eerder onder sy beheer moet bly?

**Hy sê dit is makliker as jy geen besluite self hoef te neem nie.**

33. Wat vind die professor so interessant in spreekbeurt 250?

**Hy vind dit interessant dat sy nie sy bevele gehoorsaam nie. Hy sien dit as 'n soort eksperiment.**

34. Wat beteken dit as die professor se navorsing 'n *ander koers ingeslaan* het volgens spreekbeurt 257?

**Hy het aanvanklik werklike robotte gebou. Nou gebruik hy mense as robotte. Dit is nie toelaatbaar nie en sy navorsing het dus 'n ander, verkeerde koers ingeslaan.**

35. Bestudeer spreekbeurt 261 en 262. Hoe sien die professor en Leon dit wat die professor doen, onderskeidelik?

**Leon dink dit is 'n misdad, terwyl die professor dit sien as die grootste wetenskaplike prestasie van alle tye.**

36. Die professor wil saam met genieë soos Einstein en Da Vinci genoem word. Skryf kortliks aantekeninge oor Einstein en Da Vinci.

**Wikipedia beskryf hierdie twee groot geeste as volg:**

**Albert Einstein (14 Maart 1879 – 18 April 1955) was 'n teoretiese fisikus wat wyd as die grootste wetenskaplike van die 20ste eeu beskou word. Hy het die relativiteitsteorie voorgestel en groot bydraes tot die ontwikkeling van kwantumeganika, statistieke meganika en kosmologie gemaak. Hy is die Nobelprys vir Fisika in 1921 toegeken vir sy verduideliking van die foto-elektriese effek en “vir sy diens gelewer aan Teoretiese Fisika”.**

**Leonardo di ser Piero da Vinci (1452 – 1519) was 'n Italiaanse veelweter: 'n wetenskaplike, wiskundige, ingenieur, ontleedkundige, uitvinder, skilder, beeldhouer, argitek, tuinkundige, musikant en skrywer. Hy is gebore in Vinci, 'n dorp in Florence, as die buite-egtelike seun van 'n notaris, Piero da Vinci, en 'n plattelandse meisie, Caterina.**

37. Leon het eers nie vir Renée herken nie. Waaraan het hy haar later herken?

**Aan haar spraak.**

38. Die telefoon lui en dit is Pieter Retief van die koerant. Watter funksie vervul hierdie gebeure in die drama?

**Dit is 'n uitsteltegniek en dit verhoog die spanning.**

39. In spreekbeurt 287 sê Leon: *Ons MOET hier uitkom.*

- 39.1 Waardeur word die dringendheid van sy woorde beklemtoon? Hoe sou dit in 'n drama weergegee word?

**Die woord MOET is alles in hoofletters geskryf om dit te beklemtoon. In 'n drama sou hierdie woorde harder gesê word.**

- 39.2 Is hier net sprake dat hulle uit die gebou moet wegkom? Of is daar ook 'n ander “plek” waarvan hulle moet wegkom?

**Hulle wil wegkom uit die gebou, maar hulle wil ook wegkom van die houvas en beheer wat die professor oor hulle het.**

40. Hoe straf die professor Renèe as sy hom teëgaan?

**Hy straf haar met 'n pynstimulus sodat dit voel of elke senuwee in haar liggaam 'n skroeiende vlam geword het.**

41. Die elektrodes maak dat Leon stadig vorentoe beur (soos 'n robot). Hoe beskryf hy hierdie gevoel in spreekbeurt 296? Is dit 'n goeie beskrywing.

**Hy sê dit voel of hy deur dik stroop moet beur. Dit is 'n goeie beskrywing want dik stroop sal 'n mens se gang stuit.**

42. Tot watter besef laat hierdie gebeure die twee jongmense kom ten opsigte van hulle verhouding?

**Leon en Renèe verklaar hulle liefde aan mekaar.**

43. Haal twee woorde uit spreekbeurt 304 aan wat die professor raak beskryf.

**Hoogmoed en waansinnig.**

44. Lees die professor se woorde in spreekbeurt 308. Watter een van die volgende beskryf die woorde ... *is dan so 'n groot, sterk hart vol liefde. En die liefde oorwin alles...* die beste?

Ironie, suggestie, sarkasme.

**Sarkasme.**

45. Watter verregaande doelwit het die professor met hierdie eksperiment van hom (spreekbeurt 318)?

**Hy dink net aan watter mag hy gaan bekom as hy byvoorbeeld 'n politikus of die president van die land onder sy beheer kan kry.**

#### **Bedryf 4**

46. Die professor kry 'n slinkse plan in sy kop. In spreekbeurt 321 programmeer hy Renèe om Leon te haat. Watter speletjie bedink hy toe?

**Hy laat Leon haar jaag en sy moet (met robotbewegings) wegkom van hom.**

47. Het die professor totale beheer oor Leon en Renèe as hy die konsoles aanskakel? Motiveer.

**Hy het net beheer oor hulle liggame. Hy beheer nie hulle spraak nie. Hulle sê wat hulle werklik voel en dink.**

48. Renèe smee die professor om die impulse af te draai sodat sy kan gaan water drink. Watter plan het sy toe bedink?

**Sy rol 'n spoel ongeïsoleerde elektriese kabel af op die vloer en skakel die stroom aan.**

49. Hoe beskryf die professor 'n goeie robot (spreekbeurt 340)?

**'n Goeie robot het nie 'n wil van sy eie nie.**

50. Renèe probeer twee keer dat die professor op die elektriese draad trap.

50.1 Wat het sy telkens aan die professor gesê wat hom in die rigting van die kabels moet neem?

**Eers het sy gesê daar is iemand by die venster. Daarna het sy gesê dat sy die konsole daar agter afgeskakel het.**

50.2 Waarom is dit ironies dat dit juis Renèe is wat die planne beraam om hulle te bevry?

**Dit is ironies dat dit Renèe is wat die planne beraam, want dit was Leon wat die hele tyd die professor uitgedaag het. 'n Mens sou die daad eerder van hom verwag het.**

50.3 Hoe het dit gebeur dat die professor toe uiteindelik aan die kabel geraak het?

**Hy het die kabel sien lê en dit opgetel.**

51. In spreekbeurt (361) vergelyk hy Renèe met 'n koffiemasjien. Waarom is dit in hierdie konteks gepas?

**Hy wil hulle beheer soos wat 'n mens 'n koffiemasjien kan beheer.**

52. Waar is die hoogtepunt of klimaks van die drama?

**Die hoogtepunt van die drama is wanneer die professor aan die draad vat en die twee jongmense weer vry is.**

53. Watter ontdekking maak hulle toe hulle die professor ondersoek?

**Hy het ook elektrodes aan sy kop wat hy met die rekenaar verbind het.**

54. Watter eksperiment het die professor met rotte gedoen, wat was die bevinding en hoe hou dit verband met homself?

**Hy het die rotte se breine aan die rekenaar verbind. Die rotte se intelligensie het geweldig verhoog, maar hulle moes almal vernietig word. Hy het dieselfde eksperiment op homself gedoen om sy eie intelligensie te verhoog.**

55. Die tema van die drama word in spreekbeurt 398 en 399 verwoord. Skryf dit neer.

**Hy wou hoogtes bereik wat hy met sy brein alleen nie kon regkry nie. Toe word hy 'n slaaf van die rekenaar en verloor sy menslikheid.**

56. Watter versugting spreek Renèe ten slotte uit?

**Dat hy herstel en dat hy miskien werklik weer kan begin lewe.**

57. Lees die laaste toneelaanwysings met aandag deur. Watter aspek van die slot skok die leser?

**Die professor wys "nee" met sy kop en dit wys daarop dat hy nie met Renèe saamstem dat hy weer werklik wil lewe nie.**

### **Gedig: Die lewe is 'n spel (Week 3 en 4: Aktiwiteit 49)**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Hoe word die titel in hierdie gedig uitgehef?

**Die titel word in die eerste versreël herhaal.**

2. In die eerste twee versreëls is daar 'n metafoor en 'n vergelyking. Dui dit aan en sê wat die spreker met hierdie twee versreëls bedoel.

**Metafoor: die lewe is 'n spel.**

**Vergelyking: soos enige spel.**

**Die twee versreëls beteken dat die lewe maar baie soos 'n spel is wat 'n mens speel. Dieselfde reëls kan in die lewe toegepas word.**

3. Watter mense is almal betrokke by die spel van die lewe?

**Toeskouers, skeidsregters, mededingers en jyself.**

4. Watter funksie verrig die dubbelpunt in versreël 4?

**'n Verklaring volg van die mense wat betrokke is by hierdie spel.**

5. Is die "ek" belangrik in die spel van die lewe? Hoe word dié woord uitgehef?



Die “ek” is ’n belangrike speler in die spel van die lewe. Dit word uitgehef deur die gebruik van die woord *en* en die dubbelpunt net na die “ek”.

6. In die gedig word daar na sekere sportsoorte verwys.

6.1 Na watter sportsoort verwys *uit ook na die klok* (versreël 13 en 14)?

**Boks.**

6.2 Wat word met hierdie woorde bedoel?

**Die bokser moet voordat die klok lui, uitgetel word. Hy word soms dus “gered” deur die klok. Dus verwys dit dat die spreker aan die verloorkant is, selfs nadat die klok gelui het.**

6.3 Na watter sportsoort verwys *been-voor-paaltjie* (versreël 15 en 16)?

**Krieket.**

6.4 Wat word met hierdie woorde bedoel?

**As jy been-voor-paaltjie gevang word, probeer jy jou paaltjies beskerm, maar jy is tog uit. Dit beteken dat die spreker tevergeefs probeer om sy belange te beskerm.**

7. Haal ’n woord uit die gedig aan wat dieselfde beteken as *die plek waar die spanne mekaar in die stryd pak*.

**Arena.**

8. Waarom bestaan hierdie gedig net uit een strofe? Watter betekenis hou dit in?

**Dit dui op die aaneenlopende vloei van die lewe.**

9. Hoe word hierdie gedig afgerond sodat dit ’n eenheid vorm?

**Dit begin met *die lewe is ’n spel* en eindig met *in die spel van die lewe*. Dit rond dit gepas af tot ’n eenheid en vorm ’n geheel.**

## **Kortverhaal: Tupperware (Week 5 en 6: Aktiwiteit 56)**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

#### **Inhoudsvrae**

1. Watter atmosfeer word in die eerste twee paragrawe geskep? Waardeur word hierdie atmosfeer bewerkstellig?

**Geheimsinnige en onheilspellende atmosfeer. Die meisie is benoud (moet eers moed bymekaar skraap) en is besig om te oortree (sy is bang sy word uitgevang). Die feit dat dit twee-uur in die oggend is.**

2. Is die vergelyking in paragraaf 3 gepas? Motiveer.

**Dit is baie gepas, want fetakaas is bleek en boonop is die tekstuur daarvan baie soos die bou-afwerking van mure.**

3. Bestudeer paragraaf 4 met aandag. Wat is Sandra se beweegrede waarom sy die huis binne wil gaan? Waarom is dit juis ironies?

**Sandra se beweegrede is dat sy Juan wil red, anders gaan hy “nooit weer dieselfde wees nie” (paragraaf 4). Dit is ironies, want dit gaan eintlik om haarself, dit is sy wat nie dieselfde gaan wees na ’n gebroke verhouding nie.**

4. Watter funksie vervul die ellips in paragraaf 5?

**Die leser kan sy gedagtes invoeg oor wat dié twee verliefdes alles saam gedoen het.**

5. Juan sê aan Sandra dat hy dit nie “kan maak vir môre-aand nie” (paragraaf 7).

5.1 Praat Juan hier die waarheid? Wat is die waarheid?

**Nee, hy jok. Die waarheid is dat hy 'n ander belangstelling/afspraak het.**

5.2 Waarom het hy gebloos?

**Hy het gebloos omdat hy 'n leuen vertel en uitgevang is.**

6. Waarmee word Tricia vergelyk in paragraaf 10 en 11? Hoe hou dit verband met die res van die verhaal?

**Tricia word vergelyk met 'n heks. Later in die verhaal word hierdie “heks”-beeld verder uitgebou: sy het 'n kat, haar kamer is geheimsinnig en vol snaakse tekens, daar is kruie en 'n geheimsinnige kis in haar kamer, haar hare staan orent, ensovoorts.**

7. Wat is die funksie van die tipografiese kort sinne in paragraaf 17, 18 en 19?

**Dit skep spanning en afgagting.**

8. Bestudeer die klanknabootsing in paragraaf 21 en 28.

8.1 Wat word bereik deur die klanknabootsing in paragraaf 21?

**Die sagte hartklop van Sandra se hart word hier nageboots. Dit skep spanning.**

8.2 Wat is die funksie van die klanknabootsing in paragraaf 28?

**Die woorde “klap” en “donderslag” is harde klanknabootsende woorde wat die “wakkerskrik-aksie” beklemtoon.**

9. Bestudeer paragraaf 25 noukeurig. Verduidelik die letterlike en figuurlike betekenis wat in hierdie paragraaf voorkom.

**Omdat hierdie 'n bo-natuurlike verhaal is, is die harte letterlik in die kis. Figuurlik gesproke sou Tricia net die harte van die seuns gesteel of verower het.**

10. Hoe het Sandra geweet watter hart is Juan s'n?

**Toe sy Juan se hart in haar hand hou, het sy dieselfde gevoel gekry as toe Juan haar vir die eerste keer gesoen het.**

### **Literêre vrae**

1. Gee 'n kort karakterskets van Tricia deur na die volgende te verwys:

1.1 haar innerlike karaktertrekke

**Tricia word uiterlik as beeldskoon beskryf. Sy het soos die bekende sangeres Britney Spears gelyk en was dus verruklik mooi. Sy het in Parys haar klere gekoop en het dus byderwets aangetrek.**

1.2 haar uiterlike voorkoms.

**Innerlik word sy as 'n gevoellose heks beskryf wat ander meisies se kêrels afvry. Haar “hekse-oë” suggereer dat sy sleg is.**

Hierdie opdrag moet in 'n paragraaf van ongeveer 50 woorde aangebied word.

2. Watter soort verteller is in hierdie verhaal aan die woord? Motiveer jou antwoord.

**Alomteenwoordige verteller. Hierdie verteller is alomteenwoordig en kan van enige tyd, plek en ruimte vertel. Die verteller weet ook wat elke karakter dink, sê en voel.**

3. In hierdie verhaal tref ons innerlike en uiterlike botsings aan.

3.1 Gee 'n voorbeeld van 'n innerlike botsing in hierdie verhaal.

**Enige voorbeeld van 'n innerlike botsing in hierdie verhaal:**

**Sandra voel skuldig omdat sy wederregtelik in Tricia se huis moet ingaan.**

**Juan voel skuldig omdat hy vir Sandra jok oor die afspraak.**

**Sandra voel minderwaardig as Tricia haar vertel van haar inkopies in Parys.**

**Sandra voel ellendig oor haar verhouding met Juan wat beëindig is.**

3.2 Gee 'n voorbeeld van 'n uiterlike botsing in hierdie verhaal.

**Enige voorbeeld van 'n uiterlike botsing in hierdie verhaal:**

**Sandra wat wederregtelik inbreek en 'n hart gaan terugsteel.**

**Tricia wat op Sandra gil toe sy wakker word en agterkom waarmee Sandra besig is.**

4. Is hierdie verhaal 'n illusie (beeld) van die werklikheid? Motiveer jou antwoord.

**Nee. Hierdie verhaal is nie 'n illusie (beeld) van die werklikheid nie. Gebeure in die verhaal is nie lewensgetrou nie. Dit is 'n verhaal waarin bo-natuurlike dinge gebeur.**

5. Bespreek die tydsverloop in hierdie verhaal. Wys ook op die rol wat die tipografiese ruimtes in die tydsverloop speel.

**Die tydsverloop in die verhaal is achronologies. Daar is terugspronge in tyd. Die tipografiese ruimtes tussen die dele dui op dié tydspronge.**

6. Watter lewenswaarhede kom in hierdie verhaal na vore?

**Enige lewenswaarhede wat uit hierdie verhaal spruit:**

**'n Nuweling trek gewoonlik die aandag – veral as die nuweling mooi is.**

**Die liefdeskraan kan nie sommer net oopgedraai word nie.**

**Daar is baie versoekings wat jou geliefde van jou kan vervreem.**

**Enige ander toepaslike lewensles.**

7. Is die titel van hierdie verhaal gepas? Motiveer jou antwoord.

**Die titel is uiters gepas, want die hart is in 'n Tupperware houertjie bewaar om weer terug te plaas in die borskas. Tupperware maak daarop aanspraak dat goed lank daarin vars bly.**

### **Gedig: Die Tweegeveg (Week 5 en 6: Aktiwiteit 57)**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Hier word besondere beeldspraak gebruik om die plek waar die tweegeveg plaasvind, te skets.

1.1 Watter beeldspraak dui aan dat die wind die baniere liggies laat wapper?

**Die vergelyking ... *vaandels roer soos flou donkies in die wind* ... dui aan dat die baniere wapper in die wind.**

1.2 Haal 'n voorbeeld van 'n metafoor aan en verduidelik.

**Metafoor: “'n versteende paling in die lig” – die swaard lyk soos 'n versteende paling wat teen die lig opgehou word.**

1.3 Haal 'n voorbeeld van personifikasie uit die gedig aan.

**“ ... son trek sy wolke om sy skouers ...”**

2. Skryf die verklarings van die Franse woorde (versreël 7 en 16) neer. Waarom is die gebruik van die Franse woorde geloofwaardig?

**En garde! (wees op jou hoede / beskerm jouself / die geveg gaan begin) Touché (erkenning dat 'n persoon raakgesteek is). Die Franse is bekend vir hulle tweegevegte én die skerm-gevegekuns, daarom is die gebruik van die Franse woorde gepas.**

3. Die geveg word deur middel van klanknabootsing uitgebeeld. Sommige klanke klink so tong in die kies. Haal 'n voorbeeld aan om hierdie stelling te bewys.

**Die klanknabootsende woorde *tjôrr* (versreël 9) en *hoender dirr* (versreël 13).**

4. Bestudeer strofe 3 noukeurig. Watter klanke stel die volgende voor?

4.1 Die harde klank van twee swaarde wat teen mekaar stamp.

**Kleng tjeng tjang (versreël 8).**

4.2 Die swaaigeluid van die swaarde deur die lug.

**Fuut (versreël 10)**

4.3 Die geluid waar die swaard die materiaal skeur.

**Sssip (versreël 10 en 11).**

5. Dink jy die tipografiese alleenplasing van versreël 3 is effektief? Motiveer.

**Baie effektief. Dit beklemtoon sy alleenheid en eensaamheid.**

6. Wat is *kweek* (versreël 4)?

**Gras.**

7. Waarom is versreël 18 tussen hakies geplaas?

**As hy deur die keel gestee is, sal hy nie kan praat nie, hoogstens net dit dink.**

8. Sinestesie is die vermenging van sintuie. Verduidelik die sinestesie wat in versreël 17 en 18 voorkom.

**Drie sintuie word hier ingespan: tassintuig (hy voel die lem deur sy keel), gehoor (hy hoor die aaaaa...), en hy proe ook moontlik die bloed.**

## Kwartaal 3

### Gedig: 'n Klein beriggie (Week 1 en 2: Aktiwiteit 74)

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter middele word aangewend om die nietigheid van die berig in die titel te beklemtoon?  
**Slegs kleinletters word gebruik (ook dwarsdeur die gedig); die gebruik van die woord *klein*; die verkleining van die woord *beriggie*.**
2. Wie is die *hulle* van wie daar in versreël 3 sprake is?  
**Skuldeisers, balju, banke se afdeling wat goedere terugneem.**
3. Hoe het die man *aanvanklik* gereageer op die feit dat hy al sy aardse besittings verloor het?  
**Sy laaste hoop is daarmee heen. Hy was aanvanklik moedeloos, moedverlore.**
4. Wat word deur die teenstellende voegwoord *maar* in versreël 6 bewerkstellig?  
**Daar is 'n wending. Hy het iets aan die saak probeer doen.**
5. Bestudeer die woord *mismoed* in versreël 7.
  - 5.1 Van watter woord is hierdie 'n verkorting?  
**Mismoedig.**
  - 5.2 Waarom word die woord *mismoed* eerder gebruik?  
**Daar is meestal net een en tweelettergrepige woorde in hierdie gedig. Dit pas in die ritme en eenvoud van die gedig.**
6. Skryf versreël 8 in jou eie woorde.  
**Hy het in homself geglo en gedink hy sal weer werk kry.**
7. Wat beteken die spreekwoord *die laaste strooi* (breek die kameel se rug) in versreël 9?  
**Dit is die laaste van 'n klomp slegte goed wat gebeur, wat die finale knak of ineenstorting veroorsaak.**
8. Bestudeer die derde strofe (versreël 9 en 10) noukeurig.
  - 8.1 Watter rympatroon kry ons hier en waarop dui dit?  
**Paarrym dui op die ontroue paartjie.**
  - 8.2 Hoe sluit die strofepou hierby aan?  
**Die koeplet bestaan uit twee versreëls en dui op die twee persone ter sprake.**
9. Wat wil strofe 4 (versreëls 11 tot 13) eintlik van die beriggie sê?  
**Die beriggie bevat nie die eintlike waarheid en ware toedrag van sake nie.**
10. Wat beteken dit as daar in 'n berig staan *geen misdad word vermoed* (versreël 15) en waarom word hierdie woorde gewoonlik gebruik?  
**Dit suggereer dat die persoon selfmoord gepleeg het. Dit word gewoonlik gebruik om die familie te beskerm.**
11. Bestudeer die rym in hierdie gedig.
  - 11.1 Watter funksie verrig die rym in versreël 5 en 6?  
**Bind die strofes aan mekaar.**
  - 11.2 Die rympatroon in versreël 9, 10 en 11 verskil van die res van die gedig. Watter besondere funksie verrig die rym hier?

**Hierdie drie versreëls rym. Dit beklemtoon die “verhaal” wat die spreker voltooi het. Die hoogtepunt lê hier. Dit is die eintlike rede waarom die man selfmoord gepleeg het.**

12. Verwoord die tema van die gedig.

**Die lewe is baie meer kompleks as wat in 'n klein beriggie weergegee word.**

### **Gedig: Bloeisels (Week 3 en 4: Aktiwiteit 84)**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Die woorde *bloeisels* en *bloei* kan in hierdie gedig 'n tweeledige betekenis hê. Verduidelik volledig.

**Dit kan dui op bloed wat bloei (lewensaar) of dit kan dui op 'n bloeisel wat bloei (begin blom). Dit bevat dus beide hartseer en geluk.**

2. Elke nuwe strofe begin met die woorde *Ek bloei*.

2.1 Waardeur word hierdie versreël uitgehef? Noem twee.

**Alleenplasing en voorplasing in die onderskeie strofes. Herhaling.**

2.2 Watter funksie verrig dit dat hierdie woorde dwarsdeur die gedig gebruik word?

**Dit begin by die titel (dié woord lê ook verskuil in die titel) en loop soos 'n goue draad deur die hele gedig. Bind die gedig tot 'n eenheid saam.**

3. Bestudeer versreëls 6, 12, 20, 28 en 35.

3.1 Kan hierdie as 'n vorm van progressie gesien word? Verduidelik.

**Ja, dit is eers net vir haar (buitestander) en beweeg dan na die spreker self.**

3.2 Hoe word hierdie versreëls telkens uitgehef?

**Alleenplasing.**

4. Skryf versreël 10 neer en dui die halfrym aan en benoem. Watter funksie verrig die halfrym hier?

**wange wat weemoed weghou. Allitererende 1-klank wat die tempo verstadig om aan te sluit by die weemoedige atmosfeer.**

5. Skryf die kern van die woord *ongeskonde* (versreël 17) neer.

**Skend.**

6. Skryf versreëls 15 tot 19 in jou eie woorde neer.

**Leeders skryf hier dit neer soos wat hulle dit verstaan.**

7. Die *herfsblare* (versreël 23) verwys na die meisie se rooibruin hare. Benoem en verduidelik die beeldspraak wat hierin opgesluit lê.

**Dit is 'n metafoor. Die meisie se hare is dieselfde kleur wat herfsblare is, in hierdie geval rooibruin.**

8. Watter woord in die laaste strofe (versreëls 29 tot 34) staan sentraal en hoe word hierdie woord uitgehef? Verduidelik.

**Die woord *liefde* staan in die middel van hierdie strofe. Die hele gedig draai om liefde. Dit word uitgehef deur alleenplasing en die gebruik van die hoofletter.**

9. Verduidelik wat die volgende woorde beteken:

9.1 manifestasie

**Waarin iets geopenbaar word, openbaarwording.**

## 9.2 katalisator

'n Katalisator is iets wat verandering teweegbring sonder om self te verander.

## **Volksverhaal: Rooikappie en die drie varkies & Rooikappie (Week 5 en 6: Aktiwiteit 80)**

### **Rooikappie en die drie varkies deur Tolla van der Merwe**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. In watter milieu word die leser dadelik geplaas met die aanhoor van die woord *sersant*?  
**In die weermag.**
2. Waaruit kan die leser reeds in paragraaf 2 aflei dat hierdie 'n komiese vertelling gaan wees?  
**Die gebruik van die woord *voertsek!***
3. Watter tegniek is aangewend om aan te dui dat die weghardloopproses 'n rukkie geduur het?  
**Die herhaling van die woord *en hol*.**
4. Wie is Jamie Uys?  
**'n Baie bekende filmmaker van die vroeëre jare. Nou reeds al dood. Bekend vir films soos *The Gods Must Be Crazy*, *Funny People* en *Beautiful People*.**
5. Bestudeer paragraaf 4, 8 en 13 waarin die wolf se blaasaksie beskryf word.
  - 5.1 Vind daar enige progressie hier plaas?  
**Eers blaas hy die huis om, dan peul sy oë uit. Later blaas hy so hard dat sy pens se naeltjie uitdruk.**
  - 5.2 Waarin is die komiese geleë en waarby sluit dit aan?  
**Dit kan nie werklik gebeur nie (oë en naeltjie wat van blaas uitspring) en dit sluit aan by die sprokieselemente.**
6. Lees weer paragraaf 9.
  - 6.1 Watter ironie kom daar tydens die weghol-aksie voor?  
**Hulle hardloop weg, maar daar is kans om nog 'n blom tussenin te pluk.**
  - 6.2 Watter funksie verrig die ellips hier?  
**Dui aan dat die aksie voortgaan.**
7. Rooikappie en die varkies kuier so lekker dat haar skoene uit en haar kappie af is. Met watter uitbeelding van Rooikappie word hier die spot mee gedryf?  
**Sy dra *altyd 'n rooi kappie én haar naam* is ook Rooikappie.**
8. Waarna verwys *Kersvader-passies* in paragraaf 15?  
**Na klein kindertjies wat glo dat Kersvader deur die skoorsteen klim om die Kersgeskenke te bring.**
9. *Die varke se sterte staan soos lugdrade penorent soos hulle nael* (paragraaf 16).
  - 9.1 Skryf die intensiewe vorm neer en gee nog 'n ander een met dieselfde betekenis.  
**Penorent, penregop, kiertsregop.**
  - 9.2 Gewoonlik staan *vlakvarke* se sterte penorent as hulle weghardloop. Waarom is dit geloofwaardig dat die varkies se sterte regop gestaan het?  
**Dit is 'n sprokie en enige iets is moontlik.**
10. Waarin is die hoogtepunt van hierdie vertelling geleë?

**Aan die einde sê Rooikappie dat wolf haar nie moet jaag nie, want sy is nie eens in die storie nie.**

11. Onderskei tussen 'n legende en 'n sprokie.

'n **Legende** is 'n verhaal wat nie op die werklikheid berus nie, maar meestal wel 'n kern van waarheid bevat. Dit word van geslag tot geslag oorgedra. Daar bestaan gewoonlik nie bewyse wat die gebeure as juis of korrek staaf nie.

'n **Sprokie** is 'n vertelling waarin bonatuurlike wesens soos hekse, drake, feë, ensovoorts optree. Dit begin gewoonlik met: eendag, lank, lank gelede ... of eendag was daar ... Die geografiese ruimte is onbekend. Daar is sekere elemente wat dikwels voorkom: bos, woud, kasteel, paleis. Sommige karakters verteenwoordig die goeie en andere die bose. Die volgende karakters is altyd aanwesig: 'n held of heldin, teenstander en helper. 'n Sprokie het gewoonlik 'n gelukkige einde. Simboliek in terme van getalle is ook 'n belangrike kenmerk van sprokies.

**Rooikappie** deur Frieda le Roux

**Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Die begin van hierdie sprokie is min of meer net soos die oorspronklik sprokie wat aan ons almal bekend is. Waarin is die eerste tekens van *vernuwing* geleë?

**Aan die begin klink dit net soos die oorspronklike sprokie. Die eerste tekens van *vernuwing* is toe Rooikappie die bos blomme onder die wolf se neus druk en hy nies dat sy vermomming afval.**

2. Rooikappie het veldblomme vir haar ouma gepluk (paragraaf 8). Wat is vreemd hieraan as die res van die verhaal in ag geneem word?

**Sy pluk veldblomme, maar in paragraaf 10 word daar verwys na leeubekkie en madeliefies wat nie veldblomme is nie. Dit is egter geloofwaardig, want hierdie is 'n sprokie waarin die onmoontlike kan gebeur.**

3. Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing aan uit paragraaf 13 en waarna verwys dit?

**“FWIEEE-EEEET!” Die klank van die fluitjie wat sy blaas, word nageboots.**

4. Die komiese lê in die slot van die verhaal. Skryf 'n kort paragraaf waarin jy hierdie stelling bespreek.

**Die afwagting word geskep dat die houtkapper die wolf gaan doodmaak, maar in plaas daarvan gee hy hom net 'n vinnig haarknip met sy byl en krul sy snor elegant. Die komiese is geleë in die onverwagse slot. Die wolf word betig omdat hy nie netjies is nie en word vermaan om hom soos 'n heer te gedra.**

5. Skryf die kenmerke van 'n sprokie wat in hierdie volksprokie voorkom, neer.

**Leerders kan enige kenmerke soos dit in die *Studiegids* voorkom, hier neerskryf.**

**Gedig: Gesiggiesesels (Week 5 en 6: Aktiwiteit 90)**

**Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. In hierdie gedig word op speelse wyse gefokus op die verskillende skryftekens wat gebruik word om gesiggies te skep. Die eerste drie versreëls is tekenend daarvan. Verduidelik.

**Telkens word die leestekens ; - en ) gegee wat gebruik word om onderskeidelik 'n oogknip, 'n neus, 'n frons of 'n laggie te maak.**

2. Watter gevoel gee die woord *kliniese* in versreël 5 weer?

**Koue gevoel.**

3. Wat is 'n *e-geselsbrief* (versreël 7)?



**Dit is 'n elektroniese brief soos byvoorbeeld 'n SMS of 'n e-pos.**

4. Bestudeer versreëls 8 tot 10 noukeurig.

4.1 Van watter tipe waarneming is hier sprake?

**Sintuiglike waarneming.**

4.2 Haal drie woorde aan as bewys.

**Sien (versreël 8) hoor (versreël 9) voel (versreël 10).**

5. Bestudeer versreël 16, 17 en 18.

5.1 Watter twee woorde vorm hier 'n kontras?

**Naby en ver vorm 'n kontras.**

5.2 Hoe sluit die tipografie by hierdie woorde aan?

**Naby – alleenplasing**

**Visueel dui die lang versreël waarin die woord *ver* voorkom op die ver afstand tussen die geliefdes.**

6. Skryf die laaste vyf versreëls in jou eie woorde.

**Die persoon gebruik leestekens om gesiggies te maak tussen die swart en wit woorde en so gesels die geliefdes met mekaar.**

7. Haal 'n woord uit die teks wat dieselfde beteken as *gee vorm aan*.

**Vergestalt.**

### **Gedig: Rooiwielwa (Week 7 en 8: Aktiwiteit 98)**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Wat is 'n hartland? Verduidelik wat hiermee bedoel word?

**Dit is die vernaamste, lewensbelangrike gebied. Dit is gewoonlik jou geboorteplek of waar jy grootgeword het. Dit is 'n plek waaraan jy baie waarde heg.**

2. Gaan die spreker werklik fisies terug na sy hartland? Motiveer?

**Nee, hy gaan net in sy verbeelding terug na dié plek.**

3. Waarvan is die rooiwielwa 'n metafoer?

**Van sy verbeelding, sy gedagtes.**

4. Bestudeer die bou van hierdie gedig. Wat merk jy op omtrent die strofe-indeling?

**Die gedig bestaan uit twee kwatryne wat elk 4 versreëls bevat.**

5. Lees die gedig weer hardop en let op na die tempo van die gedig.

5.1 Watter tempo word in hierdie gedig gehandhaaf?

**Stadige tempo.**

5.2 Watter twee middele word aangewend om hierdie tempo te bewerkstellig?

**Baie leestekens en die lang klanke.**

5.3 Waarom is hierdie tempo gepas?

**As 'n mens dink en 'n verbeeldingsvlug onderneem, is jy gewoonlik ontspanne en dus pas die stadige tempo hierby aan.**

6. Word die berg wat donker voor hom staan letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer.

Dit word letterlik én figuurlik bedoel. Letterlik is daar 'n berg wat hom en die Hantam skei, maar figuurlik gesproke is dit die hartseer en verlange omdat hy nie by sy hartland kan wees nie.

### Drama: Matriekmakietie (Week 9 en 10: Aktiwiteit 106)

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

- Bestudeer die karakterlys aan die begin van die radiodrama. Wat merk jy reeds hier op ten opsigte van die naamgewing?  
**Die name is beskrywend van die karakters. Die hoorder weet dus dadelik hoe die karakter gaan wees.**
- Hoe weet jy dat die aankondiger in die eerste spreekbeurt sukkel om die mense se aandag te kry?  
**Die herhaling van die woorde *dames en here*.**
- Waarom is die woorde *in landsbelang* in spreekbeurt 1 sterk ironies?  
**Dit is beslis nie in landsbelang dat die mooiste matriekafskeidrok aangewys word nie. Die deelnemers is die enigste wat daarby belang het.**
- In spreekbeurt 1 is daar reeds 'n verskuilde aanduiding wie gaan wen. Skryf hierdie woorde neer.  
**“Die *blommetjie* wat vanaand wen ...”**
- Snipper se naam is beskrywend. Verduidelik en skryf neer watter klank word hier nageboots.  
**Dit dui op die knip van materiaal. Hy is 'n modeontwerper en dit pas hierby. Die klank van 'n skêr wat knip, word hier nageboots.**
- Watter kriteria gaan volgens Snipper gebruik word in die beoordeling?  
**Styl, oorspronklikheid en of die skeppings by die dames se figure pas.**
- Hoe weet jy dat die gehoor met Snipper saamstem toe hy na die dames se figuurtjies verwys?  
**Daar is 'n *oe* en 'n *a* uit die gehoor hoorbaar.**
- Noem twee dinge waaruit die *hoorder* kan agterkom dat die fotograaf foto's neem?  
**Die aankondiger noem hom *fotograaf* en die geklik van die kamera is hoorbaar.**
- Watter afleiding kan jy uit Snobinia se naam en van maak ten opsigte van haar persoonlikheid?  
**Sy is snobisties, dink sy is beter as ander. Die van Hoogenhout sluit hierby aan.**
- Watter woorde van die aankondiger in spreekbeurt 7 is sarkasties en waarna verwys dit?  
**Die woorde: *hoe lyk die meisie so vars*? Die meisie na wie verwys word is Hoendriena. Dit is 'n verskuilde verwysing na die plaasvars eiers.**
- In hierdie radiodrama kom daar baie stereotipes voor. Dit is 'n vaste siening oor 'n spesifieke soort persoon. Byvoorbeeld, so word 'n persoon in kakie gesien as 'n boer, die bleekbeen besoeker met kouse en plakkies as 'n besoeker uit Europa, die kafee-eienaar op die hoek as 'n Griek, ensovoorts.
  - Watter stereotipering kry ons in spreekbeurt 8 ten opsigte van Hoendriena se agtergrond?  
**Hoendriena kom van die plaas af. Hier kry ons die stereotipering van plaasmense as arm en versukkeld. Onthou, stereotipering is juis nie altyd waar nie. Daar is skatryk hoenderboere!**

11.2 Watter stereotipering kry ons in spreekbeurt 22 as daar verwys word na die winkel waar Praktiesia haar materiaal gekoop het?

**Die naamgewing dui daarop dat dit moontlik 'n Indiër is wat materiaal verkoop. Daar word gewoonlik met hom geredekawel oor die prys. Indiërs word gestereotipeer as besigheidsmanne. Dit is 'n stereotipering, nie noodwendig waar van almal nie.**

12. Bestudeer spreekbeurte 11 tot 14 noukeurig. In 'n hoorspel kan 'n mens nie sien dat Middelklassina vet is nie. Hoe word die hoorder hieroor ingelig?

**Die dialoog wat tussen Middelklassina en die fotograaf plaasvind, dui daarop dat sy geset is.**

13. Waarom is Snipper met Middelklassina se rok beïndruk?

**Hy het self 'n paar rokke vir die boetiek ontwerp waar Middelklassina haar rok gekoop het. Daar word spottenderwyse na Woolworths as Woolies Boetiek verwys.**

14. Hoe weet die luisteraar dat Commenia platvloers (kômmin) is?

**Haar naam is 'n sinspeling op die woord *kômmin*. Haar taalgebruik ondersteun dit (die Engelse woorde). Dit wat sy kwytraak oor haar pa, is 'n verdere aanduiding daarvan.**

15. Hoe weet die hoorder dat Snipper in vervoering is oor Blommetjie se rok?

**Sy stemtoon wat gewoonlik temerig en sag is, is nou opgewonde en in vervoering. Sy woorde (dialoog) dui aan dat hy daarvan hou.**

16. Wat sê die naamgewing *Blommetjie Ordinêr* van haar?

**Sy is 'n doodgewone meisie met 'n doodgewone rok.**

17. Is dit 'n gepaste lied waarmee die hoorbeeld afgesluit word? Verduidelik.

**Die hoorspel word afgesluit met die liedjie *Rokkies wil sy dra* en dit pas perfek by die hoorspel wat oor rokke handel het.**

18. Verwoord die tema van hierdie hoorspel en wys ook na die lewenslesse wat hieruit spruit.

**Die tema is die mens se verknogtheid aan uiterlike voorkoms.**

**Lewenslesse:**

- Daar is baie stereotipering in die samelewing. 'n Mens moet bedag daarop wees dat dit nie noodwendig waar is nie. Mense kan nie in spesifieke vorms gegiet word nie.
- Dit is 'n onding dat daar soveel klem op 'n matriekafskeidrok gelê word. Dit is dikwels 'n mors van geld en net 'n plek waar daar afgewys word. Dié afskeid is veronderstel om net pret te wees, nie 'n kompetisie nie.
- Leerders kan hulle eie lewenslesse byvoeg: dit is nie nodig om te spot met tuisgemaakte klere nie, dit kan ook mooi en stylvol wees, mense wat op 'n plaas bly, is nie noodwendig arm en versukkeld nie, ensovoorts.

## **Gedig: Skryfwerk (Week 9 en 10: Aktiwiteit 107)**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. In die pre-lees-fase, hoe kan jy aflei waaroor hierdie gedig gaan deur net die titel te lees?

**Dit handel oor skryfwerk, heel moontlik oor die skryf van gedigte.**

2. Bestudeer die uiterlike bou van die gedig. Elke strofe bestaan uit verskillende aantal versreëls. Voltooi die volgende ...

2.1 Strofe een bestaan uit 8 versreëls en dit word 'n **oktaaf** genoem.

2.2 Strofe twee bestaan uit vier versreëls en dit word 'n **kwatryn** genoem.

2.3 Strofe drie bestaan uit ses versreëls en dit word 'n **seksstet** genoem.

3. Hierdie gedig is in Kaapse Afrikaans geskryf, tog is dit maklik verstaanbaar en lê lekker op die tong.

3.1 Wat beteken die woord *mesmeraais* (versreël 5)?

**Deurmekaarmaak, verwar.**

3.2 Skryf die woord *kritisaais* (versreël 6) in Standaardafrikaans neer.

**Kritiseer.**

4. Skryf 'n woord uit die eerste strofe neer wat daarop dui dat hy twyfel dat mense notisie gaan neem.

**Maybe.**

5. Watter woord staan prominent in die tweede strofe? Waardeur word hierdie woord uitgehef?

**Voorplasing in die versreël. Die woord word eerste geplaas in die gedig.**

6. Wat beteken dit as skryf nie net vir die *skrander* (versreël 9) is nie? Wat merk jy op ten opsigte van die woordsoort van hierdie woord?

**Die woord word as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Gewoonlik word die woord skrander as 'n byvoeglike naamwoord gebruik: skrander (slim) seun.**

7. Skryf versreël 10 in jou eie woorde neer.

**Om die taal te praat en skryf is die volste reg van almal.**

8. Wat impliseer die woorde *sonder titles* (versreël 12) eintlik?

**Dit beteken dat enige persoon kan skryf. Jy hoef nie 'n doktor of 'n professor te wees om te skryf en te dig nie. Die verskuilde betekenis is dat stories en gedigte gewoonlik deur akademici geskryf word.**

9. Met watter woord begin die laaste strofe en watter gevoel word hierdeur te kenne gegee?

**Soe. Dit is 'n tussenwerpsel en dit gee die gevoel van genoegdoening.**

10. Aan die begin van die eerste en derde strofe is daar geen rympatroon nie, maar watter ander rympatroon word deurgaans gebruik? Watter betekenis kan daaraan geheg word?

**Paarrym. Die gedig gaan oor die mens en sy taal.**

11. Bestudeer die twee laaste versreëls.

11.1 Watter belangrike vereiste stel die spreker hier?

**Solank jy die taal net verstaan.**

11.2 Watter woord word deur voorplasing in die slotversreël beklemtoon?

**Stap.**

11.3 Wat merk jy op omtrent die woordsoort waartoe hierdie woord behoort?

**Dit is 'n werkwoord.**

11.4 Watter suggestie (verskuilde betekenis) lê in hierdie woordsoort opgesluit?

**'n Werkwoord bied 'n handeling / beweging uit. Dus moet daar iets gedoen word en in hierdie geval is dit skryf.**

# Kwartaal 4

## Kortverhaal: My broer se kraai (Week 1 en 2: Aktiwiteit 115)

### Aktiwiteit 2: Kontekstuele vrae

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die titel is *My broer se kraai*.

1.1 Die woorde *my broer* word baie deur die verhaal herhaal. Wat word daardeur bewerkstellig?

**Die klem word gelê dat dit die verteller se broer is (en nie hyself) nie, wat by die gebeure betrokke is.**

1.2 Waarom word die broer se naam nie genoem nie? Watter funksie vervul dit?

**Dit maak dit universeel van toepassing. Dit het dus op alle mense wat wilde diere in hokke aanhou, betrekking. Dit sluit by die tema van die verhaal aan.**

1.3 Verduidelik hoe die titel verband met die slotparagraaf van die verhaal hou.

**Die titel is *My broer se kraai*, maar die kraai is eers werklik syne nadat hy hom losgelaat het. Eers toe was die kraai sy broer s'n (paragraaf 39).**

2. Waarom kon die kraai nie vlieg nie?

**Sy een vlerk het in die storm seergekry.**

3. Met watter woord in paragraaf 3 hou die woord *venynig* (paragraaf 1) verband? Wat beteken hierdie woord?

**Geniepsiger. Dit beteken bitsig, kwaad, aggressief.**

4. Bestudeer paragraaf 4, 6, 9, 26 en 30. Waarom is hierdie paragrawe almal so kort en word deur alleenplasing uitgehef?

**In hierdie paragrawe word die kraai (en sy agteruitgang) beskryf. Dit word uitgehef deur die alleenplasing van die enkele sinne.**

5. Lees weer paragraaf 5. beskryf die kraai in een enkele woord.

**Aggressief.**

6. Die verteller se broer het gesê *hy sal besluit wat vir die kraai die beste is* (paragraaf 11).

6.1 Wat het almal geweet (paragraaf 10)?

**In daardie stadium het sy broer net aan sy eie gevoelens gedink. Nie aan die kraai se welstand nie.**

6.2 Wat sou vir die kraai die beste wees?

**Om vrygelaat te word.**

7. Waaruit kan jy aflei dat die kraai se agteruitgang sy broer gepla het (paragraaf 14)?

**Sy broer, wat gewoonlik vrolik en uitbundig was, het stiller geword.**

8. Sy broer se poging om self aan die kraai se seerplekke te smeer het nie die gewenste uitwerking gehad nie.

8.1 Verduidelik hierdie stelling.

**Die kraai se gespartel het hom waarskynlik nog stukkender gelaat, want fyn veertjies het na die grond gesif.**

8.2 Hoe weet ons dat hierdie gebeure sy broer gepla het?

**Hy het alleen na sy kamer gegaan en die deur toegemaak. Hierdie aksie het aangedui dat hy alleen wou wees om oor die saak na te dink.**

9. Waarom het die verteller sy woorde versigtig gekies toe sy broer by hom kom raad vra het (paragraaf 18)?

**Hy het geweet dat een verkeerde woord sy broer tot ander insigte sou stem. Sy broer kon hom vervies en nie die kraai loslaat nie.**

10. Skryf die lewenswaarheid wat in hierdie verhaal na vore kom soos dit in paragraaf 21 staan, neer.

**Ek wil hê dit moet my kraai wees. En solank hy wil weg, is hy nie regtig myne nie.**

11. Watter voorstel maak die verteller aan sy broer en waarom was hierdie voorstel nie aanvaarbaar vir sy broer nie (paragraaf 22)?

**Hy stel voor dat hy 'n papegaai kry. Sy broer wil nie 'n papegaai hê nie, want almal het papegaaië. Hy wil iets ongewoon hê.**

12. Bestudeer paragraaf 26, 30 en 32. Watter enkele woord staan hier sentraal? Watter suggestie lê daar in hierdie woord opgesluit?

**Die woord *lag* staan hier sentraal. Dit suggereer geluk, vreugde en vryheid.**

13. Toe die kraai weer terugkom, het sy broer die hok toegemaak? Tot watter besef kom hy?

**Nee, hy het nie die hok toegemaak nie. Hy kom tot 'n besef dat iets eers werklik jounie is as hy die vryheid het om te gaan en weer terug te kom.**

### ***Aktiwiteit 3: Letterkundige opstelvraag (verryking)***

#### **Voorgestelde antwoord**

*Leeders se interpretasies kan verskil. Die volgende feite moet in die opstel weergegee word.*

1. Skryf 'n treffende inleiding waarin die hoofkarakter bekend gestel word.

**Leeders skryf 'n treffende inleiding. In hierdie kortverhaal deur veelbekroonde Chris Barnard, word die verhaal van sy broer vertel wat 'n beseerde kraai in die veld na 'n woeste storm opgetel het. Die intrige handel oor sy broer se verknogtheid aan die kraai en dat hy hom nie wou loslaat nie.**

2. Beskryf hoe sy broer aan die kraai gekom het en watter botsing teen die natuur hier plaasgevind het.

**Die kraai is een oggend vroeg in die veld opgetel. Dit was 'n baie jong voël en die voël se vlerk was beseer sodat hy nie kon vlieg nie. Sy broer het eiehandig 'n hok gemaak en die dier gevoer en versorg. Die natuur het sy eie manier van dinge doen. Diere wat seerkry, word dikwels aan hulle eie lot oorgelaat om te sterf. Hier is 'n ingryping teen die natuur se wette.**

3. Beskryf die innerlike konflik wat die hoofkarakter ervaar het:

3.1 Die fisiese agteruitgang van die kraai ten spyte van al sy goeie bedoelings om mooi na die kraai om te sien.

**Sy broer was geraak deur die agteruitgang van die kraai. Hy het stiller geword en was nie meer sy ou uitbundige self nie. Hy het na die beste van sy vermoë die dier versorg. Hy het selfs probeer om self aan die voël se seerplekke te sit. Die voël was venynig en het sy broer seergemaak. Hy was vol krapmerke aan sy arms en daar was 'n bloedrofie op sy wang. Hierdie was 'n fisiese botsing tussen sy broer en die kraai, maar die innerlike wroeging oor die kraai, was baie erger.**

3.2 Die innerlike konflik wat hy ervaar het om die kraai los te laat.

Hy het lief vir die kraai geword en wou hom nie loslaat nie. Hy het die kraai gevang en dit was sy besitting. Hy wou nie hoor wat die ander oor die kraai sê nie en het gesê “hý sal besluit wat vir die kraai die beste is”. Hy het in sy hart reeds geweet dat vrylating vir die kraai tot voordeel sal strek. Hy het ’n innerlike botsing ervaar: hy weet hy moet die kraai vrylaat, maar hy is lief vir die dier.

4. Beskryf die uiteindelijke besef waartoe die hoofkarakter gekom het. Verwoord hierdie tema in jou eie woorde.

**Uiteindelik besluit hy dat dit die beste vir die kraai is om hom vry te laat. Hy moet sy eie gevoelens opsy skuif en dink wat is die beste vir die kraai se welstand. Hy kom tot die besef “Ek wil hê dit moet my kraai wees. En solank hy wil weg, is hy nie regtig myne nie.”**

**In hierdie verhaal kom daar baie lewenslesse voor. Wilde diere is op hulle gelukkigste in die veld en in hulle natuurlike omgewing. Wilde diere word ’n onreg aangedoen as hulle in hokke aangehou word. Al is die natuur wreed, moet ’n mens soms die natuur sy gang laat gaan. Dit is ook waar dat as jy iets vrylaat en dit keer terug na jou, dan eers sal dit waarlik joune wees.**

### **Gedig: Ek is ook important (Week 1 en 2: Aktiwiteit 116)**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Watter twee persone staan in kontras in hierdie gedig? Waarin is hierdie kontras geleë?  
**Die ek en die julle. Die ek is arm en moet die (belangrike!) vuilwerk doen, terwyl die julle ryk is en die morswerk doen.**
2. Hierdie gedig is in lekker Kaapse Afrikaans geskryf. Gee Standaardafrikaans vir die volgende ...
  - 2.1 important (titel) **Belangrik.**
  - 2.2 gespendit (versreël 2). **Spandeer het.**
3. Wat word bereik deur die baie herhaling van die woorde *en julle*?  
**Dit dui op die baie soorte vullis wat die “julle” rondgegooi het. Dit is ook ’n vingerwysing.**
4. Bestudeer versreël 12 tot 15 noukeurig.
  - 4.1 Waarom word die woord *julle* in hierdie versreëls uitgelaat?  
**Die tempo versnel en alles wat nog rondgegooi word, word genoem.**
  - 4.2 Wat is die funksie van die skuinsdruk?  
**Dit ondersteun die visuele uitbeelding van hoe die vullis rondgegooi word.**
  - 4.3 Waarom word *r o n d g e g o o i* só gedruk?  
**Dit dui visueel daarop dat die vullis wyd verspreid lê.**
  - 4.4 Wat is die funksie van die stippels aan die einde van versreël 15?  
**Dit dui dat die strooi van vullis voortduur. Die leser kan sy gedagtes invoeg om te dink wat mense nog rondstrooi.**
5. Waarom is die eerste strofe so lank en die tweede so kort?  
**Die eerste strofe dui op die groot omvang van die gemors (hulle bemors die hele wêreld) en die klein wêreld (tweede strofe) van die skoonmaker.**
6. Waarop dui die woord *soe* in versreël 18 en hoe word hierdie woord uitgehef?  
**Dit dui op die versugting van die skoonmaker. Dit word deur alleenplasing uitgehef.**

7. Waarmee troos die spreker hom ten slotte?

**Hy doen 'n baie belangrike werk. As hy nie skoonmaak nie, sal vullis die wêreld verswelg.**

8. Hoekom is die slotreël (en die titel) ironies?

**'n Skoonmaker word nie as 'n belangrike persoon beskou nie, maar eintlik verrig hulle 'n baie belangrike taak.**

### **Gedig: Voël (Week 3 en 4: Aktiwiteit 123)**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Hoe word 'n strofe wat uit drie versreëls bestaan, genoem?

**'n Tersine is 'n strofe wat uit drie versreëls bestaan.**

2. Bestudeer die eerste strofe (versreël 1 tot 3) noukeurig. Watter funksie verrig die omgekeerde woordorde hier?

**Die omgekeerde woordorde plaas die rymwoord *bedek* in die rymposisie aan die einde van die versreël.**

3. Bestudeer versreël 3 en 7 met aandag.

3.1 Wat is die ooreenkoms tussen 'n *wydoop bek* (versreël 3) en 'n *vloed van sange* (versreël 7)?

**Gewoonlik kom die mooiste voëlgesange uit 'n wydoop voëlbek.**

3.2 Watter teenstrydigheid kom daar in hierdie twee versreëls voor?

**Hier is dit 'n voël wat dood is se bek wat wyd oopstaan. Hy kan nie meer pragtige sang voortbring nie.**

4. Verduidelik die kontras tussen strofe 2 (versreëls 4 tot 6) en strofe 3 (versreëls 7 tot 9).

**Die voël wat hoog in die lug rondgevlieg het, lê nou styf en dood in die gras.**

5. Wat is die funksie van die enjambement in versreël 6 en 7?

**Bind die twee strofes tot 'n gedagte-eenheid.**

6. Watter woorde word uitgehef in versreël 8? Watter tegnieke word aangewend om hierdie woorde te beklemtoon?

**Die woorde *stil* en *dood* word beklemtoon.**

**Omgekeerde woordorde en die herhaling van die woorde *alles is* beklemtoon dié woorde.**

7. Waarom is die gebruik van die tussenwerpsel *O* in versreël 10 gepas?

**Dit dui die sterk gevoelstroom aan wat in hierdie gedig aanwesig is.**

8. Haal 'n fragment in die gedig aan wat by die slotreël: *en maak daarmee 'n fluit* aansluit.

**Die woorde 'n *vloed van sange* sluit by dié slotreël aan.**

9. Verwoord die boodskap of tema van hierdie gedig.

**Moenie ontsteld wees by die aanskoue van die dood nie. Dit kan 'n nuwe begin beteken.**

10. Vorm 'n vergelyking deur die raakpunte van die prente te gebruik.

**Enige gepaste vergelyking: die man se neus is so krom soos die snawel van 'n papegaai.**

11. Skryf 'n goeie sin met 'n metafoor neer wat jy uit bostaande prente geskep het.



**Enige sin met 'n metafoor: Sal die lawaaierige papegaai daar agter in die klas nou asseblief stilbly?**

12. Wees nou kreatief en skryf 'n sin neer waarin daar sinestesia (vermenging van sinuïelike waarneming) voorkom.

**Enige gepaste sin. Die bont papegaai sing 'n lied van verdriet. In hierdie sin is die volgende sinuïelike waarneming vervat: sien (sig) en hoor.**

13. Gee jou gedagtes vrye teuels en skryf 'n kort gedigjie waarin *geveerde vriende* die tema vorm.

**Leerders skryf 'n kort gedigjie oor voëls.**

### **Kortverhaal: Die lettergreep van verlange**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. In die eerste paragraaf skets die verteller haar gelukkige lewe op die plaas. Daarteenoor word haar huidige plek in paragraaf 3 geskets. Haal woorde uit paragraaf 3 aan wat daarop dui dat sy nie van haar nuwe blyplek hou nie.

**Onmenslik, vreemde.**

2. Sy meet haar verlang en emosies in lettergrepe. Wat beteken dit as haar verlange meer as een lettergreep het?

**Dit beteken dat sy baie verlang en die emosies wat daarmee saamgaan, ervaar.**

3. Haal 'n klanknabootsende woord uit paragraaf 3 aan en dui aan waarom hierdie beeld hier gebruik word.

**Zoei. Die muskiet wat haar pla ondersteun haar frustrasie en irritasie wat sy tans ondervind.**

4. Bestudeer paragraaf 4 noukeurig.

4.1 Watter rede voer die ma aan waarom sy na die nuwe blyplek getrek het?

**Sodat die dogter nader aan haar pa kan wees.**

4.2 Watter enkele woord dui daarop dat dit volgens die verteller nie die ware rede is nie?

**Kamma.**

4.3 Watter oordrywing vind ons in hierdie paragraaf?

**Sy sê dat haar pa hulle al *honderd* jaar gelede vir die flerrie gelos het.**

5. Haar eerste weke in die nuwe omgewing gaan *in eentonige gryse verveling verby* (paragraaf 5). Hoe beleef sy haar nuwe skool?

**Traumaties, want almal behalwe Ben behandel haar soos 'n frats.**

6. Deur die loop van die verhaal skryf sy kerngedagtes in woorde neer soos wat dit in 'n woordeboek voorkom, byvoorbeeld *Slapen. Slove. Sleep.*

6.1 Met watter woorde in paragraaf 5 hou dit direk verband?

**"... blaai ek deur my woordeboeke ..."**

6.2 Watter afleiding omtrent die verteller lei jy hieruit af?

**Sy hou van woorde en boeke en lees. Selfs haar diepste emosies verwoord sy deur woorde aan te haal.**

7. In paragraaf 1 staan daar *Paprika op die bank in die sitkamer.*

7.1 Wanneer besef die leser dat dit 'n kat is waarvan daar gepraat word?

**In paragraaf 10 word van Ben se kat gepraat en hier word Paprika as 'n kat geopenbaar.**

7.2 Paprika is 'n soort spesery. Wat kan jy hieruit aflei omtrent dié kat?

**Dit is moontlik 'n gemmerkat wat dieselfde kleur as paprika is.**

8. Bestudeer paragraaf 15 noukeurig.

8.1 Tot watter besef laat die karwag Heleen kom?

**Hy is baie ver van sy tuisland en sy verlange moet veel groter as Heleen s'n wees (sy verlange moet 5 lettergrepe wees).**

8.2 Heleen droom van 'n taal wat almal kan verstaan. Wat is die letterlike en figuurlike betekenis van hierdie woorde?

**Letterlik beteken dit dat sy almal – ook ander tale – kan verstaan. Figuurlik beteken dit dat sy droom van 'n taal wat almal se seer kan verstaan en wegneem.**

9. Toe hulle by die hoenderplase verby ry, ruik Heleen *ellende en waansinnige lyding* (paragraaf 16).

9.1 Wat sê dit vir jou van Heleen?

**Sy is baie fyngvoelig vir diere se lyding.**

9.2 Wat in paragraaf 17 sluit hierby aan?

**Sy eet nie vleis nie, sy is 'n vegetariër.**

10. Watter suggestie lê opgesluit in die woorde *ek wens ek het geweet om 'n walvis se lied te ontsyfer* (paragraaf 19)?

**Sy wens sy kon die antwoorde op al die seerkry van die lewe hê.**

11. Skryf die belangrikste woorde in paragraaf 19 neer wat die wending van hierdie verhaal aandui?

**Vergifnis, versoening, vrede.**

12. Tot watter belangrike insig aangaande 'n huis kom sy in paragraaf 23?

**'n Huis is nie 'n plek nie, dit is die mense en verhoudinge binne 'n huis wat saak maak.**

13. Vergelyk paragraaf 2 met paragraaf 24. Verduidelik die verandering wat hier plaasgevind het.

**Aan die begin was sy baie ongelukkig en het baie verlang na haar vorige tuiste. Namate die tyd verloop het, het sy berusting gevind en verlang sy nie meer so baie nie.**

### **Gedigte: Fragmente van gedigte (Week 5 en 6: Aktiwiteit 131)**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

die wêreld val apart  
en bly elk in sy enkelheid geskei –  
ek hierbinne, en daarbuite hy.

*Voël – WEG Louw*

1. Haal woorde wat kontraste vorm aan.

**Val teenoor bly; ek en hy; hierbinne en daarbuite. (2)**

2. Watter funksie vervul die aandagstreep in die tweede versreël?

**Die aandag word gevestig op die kern wat in die slotreël volg. (1)**

Lêgemaak, binnegestoot, opgekatrol,  
is ek  
bo-vels en binneshuids  
gesteriliseer: asepties, kuis;  
van kop tot toon so goed gesuiwer  
met Dettol, jodium, purgasie,  
mondgorrel en karbolseep –  
*Operasie – Ernst van Heerden*

3. Watter twee tegnieke is aangewend om die woord *is ek* uit te hef?

**Alleenplasing en omgekeerde woordorde. (2)**

4. Watter funksie verrig die dubbelpunt in versreël 4?

**Na die dubbelpunt word die goed waarmee hulle hom gesteriliseer het, opgenoem. (1)**

Venus 'n vet vroutjie  
met skottelgoed en sloppe;  
Apollo 'n krom outjie  
wat troos soek in sy doppe.  
*Later jare – S.J. Pretorius*

5. Skryf die eerste twee versreëls neer en omkring die klank wat herhaal word en benoem dié halfrym.

**Venus 'n vet vroutjie (1) Alliterasie. (1) (2)**

6. Gee die rympatroon van hierdie fragment en benoem dit.

**Abab = kruisrym. (2)**

In wasgoedtaal gesels die wind  
oor balkonne  
blind  
en wimperloos  
*Gesprek met 'n olyfboom – Freda Plekker*

7. Watter soort beeldspraak staan sentraal in hierdie fragment? Verduidelik.

**Personifikasie. (1) Die wind gesels, is blind en wimperloos wat alles menslike eienskappe is. (1) (2)**

Papegaai-bont eggo  
kierang kierang my  
totdat ek bedroë  
weer die koggel kry  
*Bitterbessie dagbreek – Ingrid Jonker*

8. Verduidelik waarom *papegaai-bont eggo* as sinestesia (vermenging van sintuiglike waarneming) gesien kan word.

'n Mens kan die papegaai sien en hoor. Die twee sintuie word vermeng. (2)

9. Met watter woord hou *kierang kierang* direk verband?

**Eggo.** (1)

10. Haal 'n klanknabootsende woord aan.

**Koggel.** (1)

'n Rots hou hom in  
om nie te verkrummel  
en kleiner te word nie,  
klippers te, korrels te, sand te  
word nie en weg te waai  
en niks te word

*Rotsvas – Wilma Stockenström*

11. Waarom kan die eerste versreël as persoonifikasie beskou word?

**Daar word 'n menslike eienskap aan die rots gegee. 'n Rots kan hom tog nie – soos 'n mens – inhou nie.** (1)

12. Daar word in versreël 4 woorde weggelaat. Wat word deur hierdie weglating bewerkstellig?

**Die woord *word* word uitgelaat. (1) Dit maak die woorde klippers, korrels en sand meer prominent. (1)** (2)

'n eensame voël het vandag nes 'n telefoon gelui  
met die regte tussenpose  
met die regte toonhoogte  
hoog in 'n boom hoog in 'n tak

*foonsnolblues – Wessel Pretorius*

13. Watter beeldspraak kom in die woorde *vandag nes 'n telefoon* (versreël 1) voor?

**Dit is 'n vergelyking. Die woord *nes* (net soos) word gebruik om twee sake te vergelyk.** (1)

14. Verduidelik die woordspeling in die laaste twee versreëls.

**Die voël se geluid was hoog ('n sekere toonhoogte) en dit kom hoog uit die boom. Daar is 'n woordspeling tussen toonhoogte en die hoogte van die boom en tak.** (2)

Miskien wanneer die lewe met jou kotiljons  
en lekker wals op die Apies se bruilof  
sal jy onthou dat jy vir my Aprilmaand was  
– die wolke altyd bietjie voor die son –  
en ek ten spyte van die reën kon lag

En jy sal lag

*Finis – Lina Spiess*

15. Watter enkele woord dui daarop dat dit nie noodwendig gaan gebeur soos wat die spreker dit voorstel nie?

**Miskien.**

(1)

16. Wat merk jy omtrent die woordorde in die versreël 3? Watter funksie vervul dit?

**Dit is omgekeerde woordorde en beklemtoon die woorde *onthou* en *Aprilmaand* was in die ritme van die versreël.**

(2)

17. Hoe word die slotreël uitgehef? Noem twee tegnieke wat aangewend is.

**Herhaling van die woord *lag*. (1) Tipografiese alleenplasing. (1)**

(2)

Die liefde is die bitter glas,  
die droë glas, die donker glas;  
die liefde is die naverdriet  
wat in die hart se holte pas.

*Ballade op die donkparty – G.A. Watermeyer*

18. Benoem en verduidelik die beeldspraak wat in die eerste versreël voorkom.

**Dit is 'n metafoor: die lewe word aan 'n bitter glas gelyk gestel.**

(1)

treur  
reuri  
eurig  
urigh  
righe  
ighei  
gheid  
heido  
idopn  
dopno  
opnot  
pnote

*gomringer variasies – Wopko Jensma*

19. Skryf die woorde wat die kern van hierdie gedig vorm, neer.

**Treurigheid op note.**

(1)

20. Hoe sluit die tipografie (die manier wat die gedig gedruk is) hierby aan?

**Die woorde is opgeneem die manier waarop die gedig gedruk is. 'n Mens kan dit daaruit aflei.**

(1)

[30]

# Vir verryking

## Gedig: Antjie Somers deur Antjie Krog

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Elke strofe begin met die woorde *ek is ...*
  - 1.1 Alhoewel hierdie 'n legende is, word Antjie Somers lewend gehou deur die oogpunt waaruit vertel word. Verduidelik.  
**Die verteller is uit die eerstepersoon. Hy vertel dit asof hy nog lewe.**
  - 1.2 Watter funksie verrig hierdie soort verteller in hierdie gedig?  
**Dit kan vrees by kinders inboesem omdat hy self vertel dat hy stout kinders vang.**
2. Beskryf die twee vangmiddele wat Antjie Somers gebruik.  
**Vangstok – stok met 'n haak of 'n net vooraan.**  
**Streepsak – groot sak waarin hy die stout kinders in kan gooi.**
3. Bestudeer versreëls 6 en 7:  
*ek slof-slof deur die land*  
*verlate stoftrap-paadjies*
  - 3.1 Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing aan en dui aan watter klank nageboots word.  
**Slof-slof. Dit boots die klank van sy voete wat deur die stof gesleep word, na.**
  - 3.2 Watter klanke word gebruik om hierdie klanke te versterk?  
**Die allitererende s-klank en assonerende o-klank.**
4. Bestudeer strofe 3 (versreëls 9 tot 12) noukeurig.
  - 4.1 Hier staan kontras sentraal. Haal woorde aan wat teenoor mekaar staan.  
**Rok teenoor langbroek.**  
**Velskoene teenoor pers hoed.**  
**Baard en doek.**  
**Pyp en bolla.**  
**Telkens is dit mansgoed teenoor dié van dames.**
  - 4.2 Benoem die rympatroon en skryf neer waarom dit gepas is.  
**Dit is die enigste versreëls wat 'n vaste rympatroon het. Dit is paarrym en dui die tweeledigheid (man en vrou) aan.**
5. Watter verband is daar tussen strofe 3 (versreëls 9 tot 12) en strofe 4 (versreëls 13 tot 16)?  
**In strofe 3 word die mengsel van manlike en vroulike goed beskryf en in strofe 4 vra hy: is ek 'n man of 'n vrou?**
6. Versreël 15 is van toepassing: *Ha! Dit sal ek nooit verklap nie, weet net:*
  - 6.1 Wat word bereik deur die gebruik van die tussenwerpsel *Ha!* en hoe word dié tussenwerpsel uitgehef?  
**Dit is vir skrikmaak. Dit word uitgehef deur voorplasing en die uitroepteken.**
  - 6.2 Is die tempo stadig of vinnig? Wat word aangewend om hierdie tempo te bewerkstellig?  
**Die stadige tempo word bewerkstellig deur die baie leestekens.**
  - 6.3 Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van die versreël?  
**Verklaring volg en dit word uitgehef dat selfs die ma's bang vir hom is.**

7. Wie is die teikengroep van hierdie gedig? Haal twee woorde uit strofe 4 (versreël 13 tot 16) aan as bewys.

**Klein kindertjies. Daar word na *jou ma* verwys.**

8. Watter soort voegwoord is *want* in versreël 17 en hoekom word dit gebruik?

**Dit is 'n redegewende voegwoord. Hier word 'n rede vir sy optrede gegee.**

9. Is daar ooreenkomste tussen die eerste en die laaste strofe? Watter funksie verrig dit hier?

**Daar is besliste ooreenkomste. Dit bind die gedig tot 'n eenheid en gee 'n mooi afgeronde geheel.**

### Gedig: *Slange deur Jaco Jacobs*

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die tipografie, dus manier waarop hierdie gedig gedruk is.

- 1.1 Watter klank is baie opvallend in hierdie gedig? Waarom is die klank gepas? Benoem die klankverskynsel.

**S-klank. Dit pas by die sis-klank wat 'n slang maak. Klanknabootsing.**

- 1.2 Die akkedis word in die laaste twee versreëls beskryf. Hoekom word die akkedis visueel anders as die slang uitgebeeld?

**Slange het nie pote nie en word dus visueel deur 'n enkele lyn uitgebeeld. 'n Akkedis is kort en vet en dié twee versreëls is visueel daarvolgens gebou.**

2. Die laaste versreël *is beslis 'n akkedis* is van toepassing.

- 2.1 Watter soort rym kry ons in hierdie versreël?

**Binnerym. 'n Woord in die middel van die versreël rym met die een aan die einde van die versreël.**

- 2.2 Hoe sluit die ritme by hierdie rymwoorde aan?

**Dit word beklemtoon in die ritme: is beslis 'n akkedis.**

- 2.3 Daar is 'n sterk assonerende klank wat in hierdie versreël herhaal word. Skryf die versreël oor en omkring dié klank.

**... is beslis 'n akkedis. Assonerende i-klank. Let op dat die 'n en die e ook as 'n i-klank uitgespreek word.**

### Gedig: *Smoke gets in your eyes* deur Joan Hambidge

#### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter suggestie (verskuilde boodskap) lê daar in die titel opgesluit?

**Die onaangename, hartseer van 'n gebroke verhouding word in die vooruitsig gestel.**

2. Wat beteken die uitdrukking *om met vuur te speel*?

**Dit beteken om moeilikheid te soek.**

3. Hierdie gedig handel oor 'n fisiese hartoorplanting. Waarom is die beeld so gepas?

**'n Gebroke hart word met 'n hartoorplanting vergelyk. Die beeld is dus heel gepas, want die letterlike word met die figuurlike in verband gebring. Die liefdeskwessie raak juis die hart.**

4. Bestudeer versreëls 3, 4, en 5.

- 4.1 Wat merk jy op omtrent die aanvangswoord in hierdie versreëls?

**Die woord *sonder* word aan die begin van elke versreël herhaal.**

4.2 Wat is die funksie hiervan?

**Dit beklemtoon die pyn wat ervaar word.**

4.3 Wat wil die spreker hierdeur te kenne gee?

**Dat 'n gebroke hart net so traumaties, pynvol is as 'n hartoorplanting sonder narkose en die genoemde sake.**

5. Bestudeer versreël 5 noukeurig.

5.1 Waarom moet die regte bloedgroep betyds gevind word?

**'n Hartoorplanting vereis 'n bloedoortapping en daarvoor moet bloed van die regte bloedgroep beskikbaar wees.**

5.2 Wat sou die simboliese betekenis van hierdie versreël wees? Wat maak 'n gebroke hart weer heel?

**Slegs liefde van die regte persoon kan 'n gebroke hart weer heel.**

6. Wat is die funksie van die ellips in versreël 7?

**Leser kan sy gedagtes invoeg van wat alles aan die liggaam gekoppel is.**

7. Wie is die ...*ondersoekende oë, hande, pratende monde*?

**Dit is die dokter en die verpleegpersoneel.**

8. Wat is die funksie van die aandagstreep in versreël 11?

**Dit vestig die aandag op die volgende versreël wat aandui hoe die hart ineen trek.**

9. Is die tempo in versreël 12 vinnig of stadig? Waardeur word dit bewerkstellig?

**Tempo is baie stadig om elke woord te beklemtoon. Dit word bewerkstellig deur die baie leestekens.**

10. Waarvoor staan *PS*?

**Post script, dus die naskrif.**

11. Benoem die beeldspraak in ...*nes Katherine Grayson s'n...* (versreël 16).

**"Nes" is die verkorting van "net soos". Dit is dus 'n vergelyking.**

## **Gedig: Wiskunde deur Antjie Krog**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Kyk na die rympatrone van die twee strofes. Wat kan jy alreeds uit die rympatroon aflei van die spreker se houding teenoor wiskunde?

**Ja, die eerste strofe is paarrym, die bekende gebied van die spreker, met ander woorde waar sy haar gevoel verklaar. Die tweede strofe is gebroke rym en dit dui op die onverstaanbaarheid van wiskunde vir die spreker.**

2. Wat word bedoel met *vasgetangens* (versreël 2) en watter suggestie lê daarin opgesluit?

**Dit impliseer dat sy die hele periode vasgevang is in die bank. Sy is letterlik vasgeskroef en kan nie uit die klas ontsnap nie.**

3. Die spreker se gevoel teenoor die vak wiskunde geld ook vir die onderwyser wat hierdie vak aanbied. Bestudeer versreëls 3 en 4 van die eerste strofe.

3.1 Watter twee woorde dui aan dat die onderwyser heelyd voor in die klas besig is om te verduidelik.

**Bord, boer.**

3.2 Watter enkele woord dui daarop dat die spreker die inligting teësinnig inneem?



**Voer.**

3.3 Tot watter woordsoorte behoort die woorde 'n *iemand* (versreël 4) en watter afleiding kan jy maak uit die gebruik hiervan?

**'n = onbepaalde lidwoord**

**iemand = onpersoonlike voornaamwoord.**

**Sy ervaar nie die onderwyser as 'n warm persoonlikheid nie, eerder koud en afsydig en onbetrokke.**

4. Watter funksie vervul die ellips in versreël 8?

**Die leser kan sy gedagtes invul oor die afstand – dit is ver verby die sterre.**

5. Wie of wat simboliseer C in die gedig?

**Dit simboliseer die spreker wat alleen tussen die wiskundiges sit.**

6. Hoe word die woord *alleen* in versreël 10 uitgehef?

**Die woord *alleen* word ook alleen geplaas. Daar is 'n punt aan die einde wat 'n stop aandui.**

7. Wie of wat is *Pythagoras* (versreël 11)?

**'n Wiskundige waarvan die leerders in wiskunde leer.**

8. Die tipografie van die tweede strofe is baie funksioneel. Bespreek.

**Dit is in die vorm van 'n wiskundesom.**

9. Bestudeer die laaste ses versreëls (vanaf versreël 8) noukeurig.

9.1 Is die tempo vanaf versreël 8 vinnig of stadig?

**Stadig.**

9.2 Waarom word hierdie tempo gehandhaaf en waarby sluit dit aan?

**Die stadige tempo dui aan dat die tyd ook in die wiskunde-klas stadig verbygaan.**

9.3 Wat bewerkstellig dié tempo? Noem ten minste twee sake wat daartoe bydra.

**Die baie leestekens maak die tempo stadig asook die gebruik van die lang eeklanke. 'n Woord (hél) wat beklemtoon word, maak ook die tempo stadig.**

10. Stem jy saam met die spreker van hierdie gedig? Skryf 'n sin neer hoe jy wiskunde ervaar.

**Leerders gee hulle eie menings. Ek dink glad nie wiskunde is sleg nie, dit is my gunsteling vak op skool.**

## **Drama: Selfmoord ('n fragment uit *Hoe's dit my ou?*) deur Kobus Strydom**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Lees die inleiding (toneelaanwysings) aan die begin van hierdie drama met aandag.

1.1 Op watter wyse word die toeskouers se aandag reg van die begin af op die pienk vloeistof gevestig?

**Die lig fokus op die pienk vloeistof in die bottel. Die eerste handeling wat op die verhoog plaasvind, is die skink van die vloeistof in die glase. Dit vestig die toeskouer se aandag daarop.**

1.2 Waarom word die aandag hierop gevestig?

**Dit vorm die sentrale fokuspunt waarom die drama sentreer.**

1.3 Wat word bybehore soos die glase en bottel in 'n toneelstuk genoem?

## **Rekwisiete.**

2. Watter uitwerking het die seun se woorde in spreekbeurt 1?

**Dit skep onmiddellik spanning.**

3. In die toneel word verwys na die sprokie van Hansie en Grietjie. Watter ooreenkomste en verskille is daar tussen die sprokie en die drama?

**Ooreenkomste: daar is nie kos in die huis nie en hulle sal moet weggaan van hulle ouerhuis.**

**Verskille: die sprokie het 'n gelukkige einde, terwyl die drama 'n tragiese einde het.**

**Leerders kan ook ander verskille en ooreenkomste aandui.**

4. Bestudeer spreekbeurt 7 en 8 noukeurig. Wat was onderskeidelik vir die seun en meisie die grootste vernederings wat die pa se werkloosheid meegebring het?

**Die seun se vernedering lê opgesluit in die feit dat hy nie meer kan rugby speel nie en vir die meneer daarvan moet vertel.**

**Die meisie se vernedering is omdat sy nie meer met haar kulturele aktiwiteite kan aangaan nie en nie haar vriende in die oë sal kan kyk nie.**

5. Bestudeer spreekbeurt 9 tot 12. Hier kry ons 'n toneelspel binne 'n toneel. Verduidelik.

**Die twee karakters vertolk onderskeidelik die pa en die baas se rolle.**

6. Hoe word die seun se ontsteltenis in spreekbeurt 13 uitgehef?

**Sy handeling dui sy ontsteltenis aan, want hy spring op en loop na die tafel. Sy woorde ondersteun sy ontsteltenis. Hy herhaal en beklemtoon die woorde. Hy roep ontsteld uit.**

7. Die toneelaanwysings word tussen hakies gegee. Bestudeer die toneelaanwysings in spreekbeurt 4, 14, en 16. Watter suggestie is daaraan verbonde dat sy hom volg?

**Die meisie volg haar broer die heel tyd op die verhoog. Dit suggereer dat sy hom sal volg tot in die dood.**

8. Die meisie skryf in die brief: "Ons wil hê dat dit sy oond moet wees wat hom sal laat braai".

8.1 Na wie word hier verwys?

**Die pa se werkgewer (baas).**

8.2 Is hierdie 'n regverdigte veroordeling van hierdie persoon? Motiveer.

**Nee, want die werkgewer is genoodsaak om weens die ekonomiese krisis die werknemers af te dank. Hy het voorheen die pa goed behandel (spreekbeurt 12).**

9. Waarom is die slot ironies?

**Hulle dood was onnodig, want die pa het 'n werk gekry.**

10. Bestudeer spreekbeurt 27 noukeurig.

10.1 Hoe word die ellips in 'n drama uitgebeeld?

**Deur dramatiese stilte (pouering).**

10.2 Wat word hierdeur bereik?

**Dit wek spanning.**

11. Die pa se houding aan die einde is misleidend. Verduidelik.

**Die pa se skouers hang. Hy is veronderstel om bly te wees omdat hy werk gekry het. Sy skouers hang omdat hy moeg geloop is.**

12. Hierdie is 'n drama in die kleine. Dui die volgende elemente in die ontwikkelingsgang van die drama aan:

12.1 motoriese moment

**Die motoriese moment word ingelei deur die skink van die gif in die glase en die seun se woorde in die eerste spreekbeurt.**

12.2 krisis

**Die krisismoment is toe die kinders sien dat die pa se skouers hang en daaruit aflei dat hy nie die werk gekry het nie.**

12.3 klimaks.

**Die klimaks is die selfmoordaksie.**

13. Watter lewenswaarhede word in hierdie drama aangespreek?

**Lewenslesse:**

**Selfmoord is nie 'n oplossing nie.**

**Ondersoek 'n saak voordat tot handeling oorgegaan word.**

**Kommunikasie tussen ouers en kinders is belangrik.**

**Swak ekonomiese omstandighede kan verreikende gevolge hê.**

### **Kortverhaal: SMS'ie deur Francois Bloemhof**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Die titel en die hoofkarakter van die verhaal se naam is van toepassing.

1.1 Watter verband is daar tussen die hoofkarakter se naam en die titel van hierdie verhaal?

**Die verhaal se titel is SMS'ie. Die meisie se naam is Essie en dit word vervat in die uitspraak van die titel: SM-Essie. Daar is dus 'n direkte verband tussen dié karakter se naam en die titel.**

1.2 Waarom word daar so 'n sterk verband tussen die titel en die hoofkarakter se naam getrek?

**Dit dui aan dat sy verknog is aan haar selfoon en gedurig SMS'e stuur.**

2. Beskryf Essie se verhouding met haar selfoon in één enkele woord.

**Die beskrywing moet in een woord weergegee word: verbonde, verknog, onafskeidbaar, ensovoorts.**

3. Waarom is Essie geïrriteerd met haar ma?

**Want haar ma onderbreek haar, pla haar as sy besig is om te tik.**

4. Verduidelik die ma se ontsteltenis met Essie deur na paragraaf 12 te verwys.

**Die ma se groot bekommernis is dat Essie nie meer met haar (in lewende lywe) kommunikeer nie. 'n Mens kan slegs kontak met Essie hê deur vir haar 'n SMS te stuur.**

5. Wat word deur die %^\$\$#@ gesuggereer?

**Dit is swetswoorde en dit suggereer woede. Dit beskryf die selfoon en dat sy die hele dag daarmee besig is.**

6. Waarom kan die woorde *wêreld ... al hoe kleiner word ...* in paragraaf 13 as 'n vooruitspelling gesien word?

**Dit word reeds in hierdie paragraaf duidelik dat haar wêreld net om die selfoon draai en dan inderwaarheid klein word. Dit is 'n vooruitspelling dat sy self gaan "klein word".**

7. Lees weer paragraaf 13. Watter soort botsing vind hier plaas? Verduidelik volledig.

**Essie se ma baklei met haar (uiterlike niefisiese botsing) en dit veroorsaak innerlike konflik in Essie se gemoed. Sy is geïrriteerd, vies, ongelukkig.**

8. Die ma word as die *kampioen van waarskuwers* (paragraaf 17) beskou. Gewoonlik het hierdie waarskuwings nie gewig gedra nie. Met die slot van die verhaal in gedagte, wat dink jy was die waarskuwing wat Essie se ma oor die selfoon gegee het?

**Leerders gee hulle eie antwoorde: Die selfoon gaan jou hele lewe insluk. Die selfoon gaan jou nog jou lewe kos.**

9. In paragraaf 19 word daar na die kleur *swart* verwys. Direk daarna word die skermpie swart. Waarom kan hierdie as simbolies beskou word?

**Dit is 'n aanduiding dat iets slegs gaan gebeur.**

10. Watter woorde in paragraaf 21 staan teenoor die woord *swart*?

**Die woorde *lewe* en *verlig*.**

11. Vanaf paragraaf 8 begin die bonatuurlike gebeur. Bestudeer die gebruik van die woord *vingers* in paragraaf 8 en 34.

11.1 Watter twee kontraste is daar tussen die werklike Essie en die Essie op die skermpie?

**Die regte Essie glimlag nie en het groot vingers. Die Essie op die skermpie het klein vingertjies en glimlag wel.**

11.2 Hoe word dit beklemtoon dat sy vingers het en nie vingertjies nie?

**Dit word skuins gedruk en daar is 'n uitroepteken wat aandui dat sy dié woord beklemtoon.**

12. Verduidelik die agteruitgang in die slotparagraaf.

**Essie en die omgewing waarin sy haar bevind, het kleiner en kleiner geword. Sy het later net gepiep en alles om haar het ophou bestaan. Dit het later doodstil geword.**

13. Die tema van hierdie verhaal is dat die tegnologie (soos selfone, e-pos en Facebook) direkte kommunikasie versteur en interpersoonlike verhoudings saboteer. Dit is 'n bek vol, nè! Dit beteken maar net dat selfone, e-pos en kletskamers verhinder dat ons direk met mekaar praat.

Leerders bestudeer die grappie in die leerderboek wat oordrewe met hierdie aspek spot om hulle gedagtes aan die gang te sit.

Leerders skryf 'n paragraaf van 90 tot 100 woorde oor die lewenslesse wat uit die verhaal geleer kan word.

**Leer die leerders hoe om 'n literêre paragraaf aan te pak deur na die volgende te verwys:**

1. Onderstreep die kernwoorde van die langvraag / paragraafvraag sodat daarop gefokus kan word.
2. Herhaal dié kernwoorde in die antwoord. In hierdie geval sal woorde soos *tema*, *tegnologie*, *kommunikasie* en *interpersoonlike verhoudings* gebruik word.
3. Leerders moet afleidings maak en dit met feite staaf.
4. Die paragraaf / opstel moet 'n afgeronde geheel vorm.

5. Literêre terminologie soos botsings, karakterisering, intrige, ontknoping ensovoorts moet gebruik word.
6. Taalgebruik met korrek wees.
7. Dit is belangrik dat leerders netjies en leesbaar skryf.

#### **Voorbeeld:**

#### **Leerders skyf 'n inleiding:**

- In hierdie verhaal *SMS'ie* deur Francois Bloemhof is die misbruik van tegnologie die sentrale tema ...
- Die misbruik van tegnologie staan sentraal in hierdie verhaal en dit beeld uit hoe dié verskynsel kommunikasie negatief kan beïnvloed.

#### **Leerders bewoord die tema en gee bewyse uit die verhaal:**

- Essie is dag en nag besig om SMS'e te stuur en verwaarloos haar direkte kommunikasie met haar huisgenote.
- Haar verknogtheid aan haar selfoon maak haar ma ongelukkig en veroorsaak dat sy gedurig met Essie baklei. Hulle interpersoonlike verhouding word versuur.
- Die ma voel moedeloos en dink dat sy slegs kontak met haar dogter kan maak as sy self vir haar 'n SMS stuur.
- Essie is wel fisies in die vertrek, maar sy leef in 'n ander wêreld – 'n wêreld waar kommunikasie slegs deur verkorte woorde plaasvind.
- Hierdie bondige kommunikasie verklein haar wêreld en die lewe gaan ongesiens by haar verby.

#### **Leerders skryf 'n slotsin:**

- Soos bewys kan hedendaagse tegnologiese uitvindings 'n striemende invloed op kommunikasie hê.
- Hierdie verhaal dien as waarskuwing dat selfone met oordeel gebruik moet word en nie toegelaat moet word om direkte interpersoonlike kommunikasie te beïnvloed nie.

### **Kortverhaal: Wanneer die monster kom deur Johan van Lill**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Watter verband is daar tussen die verhaal en die verhaalbundel se titel soos gegee aan die einde van die verhaal?

**Die verhaalbundel is *Donker Veld – Afsprake op spanningsterrein*. Hieruit kan ons reeds aflei dat hierdie 'n spanningsverhaal gaan wees en dat dit 'n donker tema gaan hê.**

2. Watter suggestie lê daar in die titel opgesluit?

**Dat daar iets gaan gebeur as die monster kom. Daar lê dus 'n handeling wat gaan plaasvind, opgeluit.**

3. Bestudeer paragraaf 2 en paragraaf 39 met aandag.

- 3.1 Waarom word Bertie se pajamas so in die fynste besonderhede beskryf en wat word daardeur beklemtoon?

**Dit beklemtoon dat hy nog net 'n kind is, 'n jong seun.**

- 3.2 Waarmee staan sy beertjie-pajamas aan die einde van die verhaal in skrilte kontras? Wat word daardeur bewerkstellig?

**Die gruwelike dade wat hy as “monster” pleeg, staan in skrilte kontras met sy kinderlike pajamas. Dit beklemtoon en vererger hierdie kontras.**

4. Skryf drie aanhalings of woorde wat deur die verloop van die verhaal gebruik word om hom as jong seun te beskryf.
- “... klein seuntjie ...” paragraaf 2
- “... seunskind ...” paragraaf 17
- “... snuiter ...” paragraaf 33
5. Waaruit kan Bertie aflei dat daar meer as een man is (paragraaf 7)?
- Hulle praat van ons en dit is meer as een man.**
6. Bestudeer paragraaf 10 noukeurig. Noem twee dinge waarvoor Bertie bang is.
- Hy is bang vir die mans wat in hulle huis is, maar hy is ook bang die monster kom (dus bang vir homself, sy optrede).**
7. Watter effek het die terugwysing na die vorige keer toe die monster gekom het op die leser?
- Dit skep spanning en lig die leser in van wat die vorige keer gebeur het. Dit skep afwagting.**
8. Hoe regverdig Bertie sy vorige optrede teenoor die indringer?
- Hy sê dat die man dit verdien het en dat dit sy eie skuld was.**
9. Hoe sou jy Bertie en sy ma se verhouding beskryf?
- Hulle is baie na aan mekaar. Sy ma piep hom op (druk hom vas en koop vir hom beertjie-pajamas). Hy is beskermend teenoor haar.**
10. Bestudeer paragraaf 18.
- 10.1 Hoe word hierdie paragraaf uitgehef?
- Dit is alleenplasing. Die paragraaf bestaan uit ’n enkele sin. Daar is ’n tipografiese skeiding na hierdie paragraaf.**
- 10.2 Waarmee hou dit direk verband?
- Dit sluit direk by die titel aan. Dit is wanneer die monster kom.**
- 10.3 Wat word daardeur bewerkstellig?
- Dit verskerp die spanning.**
11. Waar gaan kruip hy weg en waarom is dit die beste wegkruipplek?
- In die spens. Die deur na die spens is agter die yskas en die ligskakelaar sit op ’n snaakse plek.**
12. Bestudeer paragraaf 30 tot 32 waarin die stilte beskryf word. Watter tegniek word hier aangewend en watter uitwerking het dit?
- Die uitsteltegniek word hier aangewend. Dit skep afwagting en spanning (stilte voor die storm).**
13. In paragraaf 33 verwys die inbreker met minagting na Bertie as ’n *snuiter*. Waarom is hierdie woorde ironies?
- Hulle dink hy is ’n snuiter, maar dieselfde snuiter gaan in ’n monster verander en met hulle afreken.**
14. Bertie se ma hou haar oë toe, want sy weet die man gaan haar weer klap. Waarom klap hy haar toe nie (paragraaf 35)?
- Hy sou haar geklap het, maar die monster het ingestorm en verwoesting begin saai.**
15. Van paragraaf 37 tot 40 word die monster beskryf wat by die deur inbars.

15.1 Daar word baie van klanknabootsende woorde gebruik gemaak om hierdie gebeure te beskryf. Skryf 'n paar neer.

**Inbars, brul, monster, grom.**

15.2 Verduidelik die kontras in paragraaf 39.

**Die monster se daede is skrikwekkend, maar as hy na sy ma toe draai, is sy oë groot en sag. Dit dui op sy liefde vir haar.**

16. Alhoewel hierdie gebeure 'n illusie van die werklikheid is (dit kan tog werklik gebeur), is daar 'n bonatuurlike element teenwoordig. Verduidelik hierdie stelling.

**Misdaad is deel van ons daaglikse bestaan en daar word daagliks by baie huise ingebreek. Die seun wat in 'n monster verander wat met die inbrekers afreken, is egter bo-natuurlik.**

17. Wat dink jy is die tema van hierdie verhaal? Skryf 'n kort paragraaf oor jou siening.

**Die tema is dat 'n mens alles in jou vermoë sal doen om jou naasbestaandes te beskerm. Daar is seker in elk van ons 'n monster in ons wat wil uitkom teen ongeregthede soos roof, mishandeling, verkragting, ensovoorts.**

**Hierdie kan 'n lekker debat tot gevolg hê. Mag 'n mens reg in eie hande neem? Kan 'n mens self teen misdadigers optree? Moet 'n mens nie maar die minste wees en hulle probeer rehabiliteer nie? Moet 'n mens 'n persoon wat jou leed aangedoen het, vergewe?**

### **Kortverhaal: Droomdate deur Martie Kruger**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Bestudeer die titel noukeurig deur dit woord vir woord te ontleed.

1.1 Watter betekenis kan met die eerste oogopslag aan die titel geheg word?

**Dit is 'n wonderlike *date* wat hy het. Dit is 'n *date* waarvoor hy al baie gedroom het.**

1.2 Watter betekenis kan aan die titel geheg word as die woorde van die titel letterlik en afsonderlik gesien word?

**Dit is 'n ontmoeting in sy "drome" – iets wat nie werklik bestaan nie.**

2. Watter woorde in die 1ste paragraaf laat die leser alreeds beseef hier is iets vreemds aan die gang?

**Die woorde *ou, donker huis*.**

3. Waarom is dit 'n *gefrommelde papiertjie* (paragraaf 2)?

**Hy het dit al baie hanteer. Hy wou seker maak dit is die regte koördinate. Hy het dit al baie uit sy sak gehaal en gelees.**

4. Beskryf die emosie wat hy ervaar soos dit uit paragraaf 2 blyk in een enkele woord.

**Senuweeagtig.**

5. Anna word in paragraaf 3 beskryf soos hy haar oor MXit leer ken het. Gee 'n kort karakterskets van Anna.

**Haar naam is Annabel Henning. Sy is veertien jaar oud. Haar gunsteling kleur is rooi en sy is baie skaam. Sy dink Jaco is snaaks en sy hou van hom.**

6. Hoe word dit in paragraaf 3 beklemtoon dat dit wat hy van Anna weet vir hom voldoende is? Verduidelik volledig.

**Die stelling *Dis genoeg*. Die herhaling daarvan en die gebruik van die woord meer as genoeg beklemtoon dat dit vir hom voldoende is.**

7. Waarom is dit ironies as hy sê dat dit moet *scary wees om oorkant 'n begraafplaas te bly* (paragraaf 5) as die slot van die verhaal in gedagte gehou word?

**Dit is baie meer “scary”, want sy woon in die begraafplaas, want sy is dood.**

8. Bestudeer paragraaf 7 noukeurig.

- 8.1 Hoekom probeer hy sy kuif platter kry?

**Sy kuif staan penorent en hy wil homself “mooimaak” voordat hy die meisie gaan ontmoet.**

- 8.2 Hier word tussenin kort sinne gebruik. Skryf hierdie sinne neer. Wat merk jy hieromtrent op?

**Hy sug. Hy klop. Dit is werkwoorde wat aksie aandui. Dit dui aan watter handeling hy uitvoer.**

- 8.3 Watter funksie vervul die afwisseling van sinslengtes en die kort sinne wat hier gebruik word?

**Dit skep afwagting en spanning. Dit fokus op die hoofkarakter van hierdie verhaal.**

9. Watter enkele woord in paragraaf 8 is 'n vooruitspelling op wat volg? Verduidelik.

**Die woord *doodstil* is 'n vooruitspelling want dit bevat die woord *dood*.**

10. Wat is Jaco se pa se eerste reaksie toe Jaco sê dalk wil die meisie in die begraafplaas ontmoet?

**Hy sê dat hy beslis nie wil hê dat Jaco met so 'n meisie moet uitgaan nie.**

11. Na wie aard Jaco volgens sy pa en waarin lê die ooreenkoms?

**Hy aard na sy ma. Hulle dink anders as ander mense oor goed: *Julle koppe is heeltemal op 'n vreemde plek* (paragraaf 16).**

12. Watter tegnieke word aangewend om spanning te skep in paragraaf 17 tot 22?

**Afwisseling van sinslengtes. Die baie kort sinne dra by tot die skep van 'n geheimsinnige atmosfeer. Die beskrywing van die dowwe ligte en die geel streep van die volmaan. Die uitsteltegniek word hier ook gebruik.**

13. Watter botsings beleef Jaco in paragraaf 21 en 22?

**Die waarheid maak hom letterlik naar. Hy voel seker bang en ongelukkig.**

## **Kortverhaal: Ritueel deur Fanie Viljoen**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Bestudeer die titel noukeurig.

- 1.1 Wat beteken die woord *ritueel*?

**Dit is 'n handeling wat herhaal word deur 'n spesifieke groep of gesin. Verduidelik met behulp van voorbeelde hierdie begrip aan die leerders.**

- 1.2 Waarom kan die titel as gepas beskou word?

**Die ritueel van die eerste bok skiet en die lewer rou eet, is 'n jagterstradisie in hierdie gesin. Die ouer broers moes dit waarskynlik ook deurgaang. Dit vorm die kern van hierdie verhaal en is dus gepas.**

2. In paragraaf 2 is die verteller (die seun) nie in die vertrek waar sy pa die messe slyp nie.

- 2.1 Wat is sy eerste sintuiglike gewaarwording?

**Hy hoor hoe sy pa die messe slyp.**

- 2.2 Watter klanke word gebruik om hierdie klanknabootsing te bewerkstellig?



## **Die sl-klanke bewerkstellig die klanknaboetsing.**

2.3 Later verbeel hy hom dat hy ook olie ruik. Waarom is hierdie sintuiglike waarneming so prominent as die slot van die verhaal in gedagte gehou word?

**Hy verbeel hom hy ruik die olie. Sy sintuie is baie skerp ingestel op dit wat gaan volg. Hy weet hy sal die bok moet skiet en die lewer rou eet. Die hele verhaal is sintuiglik ingestel.**

3. Het hy die woorde *Moet ek?* (paragraaf 4) hardop gevra?

**Nee, hy het dit net gedink. Hy kan nie vir sy ma sê dat hy nie naby sy pa wil wees nie.**

4. Waarom word die pa se slypwerk so in die fynste besonderhede beskryf in paragraaf 8?

**Dit skep afwagting en spanning.**

5. Watter uitwerking het die aanskoue van die slypproses op die seun (paragraaf 8)?

**Hy voel naer en hy gril vir die skuurgeluid. Hy het 'n totale afkeer van die hele proses.**

6. Uit watter enkele woord in paragraaf 9 kan jy aflei dat die pa kortaf met die seun is en moontlik nie 'n goeie verhouding met hom het nie?

**Skor.**

7. Waarom het die seun dié aand nie geëet nie?

**Hy is baie ontsteld oor dit wat op hom wag. Hy dink die hele tyd daaroor.**

8. Die seun is die volgende dag 13 jaar oud. Die ma sê hy sal anders daaroor voel (paragraaf 16). Waaroor sal hy anders voel? Verduidelik.

**Hy is nou 'n man wat 'n bok moet skiet. Hy sal dan anders voel oor jag. Hy hou nie daarvan nie en is daarteen gekant.**

9. Watter sinsnede in paragraaf 19 dui op die ritueel en verwys direk na die titel?

**“ ... nes die seuns voor my gedoen het ... ”**

10. Die ritueel word in die slotparagraaf beskryf. Watter skrynende ironie is daar in die woorde *die dooie bok kan weet ek is sterker as hy*.

**Die bok is reeds dood, hoe kan hy dan “weet”? Dit is skrynend ironies, want 'n bok het nie 'n kans teen die koeël van 'n geweer nie. 'n Bok is nie iets waarteen 'n mens kragte meet nie.**

11. Watter innerlike konflik ervaar die seun oor hierdie ritueel?

**Hy haat jag en doen alles net omdat hy beveel word. Hy ervaar innerlike konflik, want hy word gedwing om iets te doen wat hy nie wil doen nie. Sy hele wese rebelleer daarteen.**

12. Uit watter oogpunt word hierdie verhaal vertel en waarom is dit die beste oogpunt vir hierdie verhaal?

**Die ek-verteller is die beste om die seun se gevoelens van weersin te verwoord.**

13. Gee 'n karakterskets van hierdie seun. Hierdie karakterskets moet in 'n paragraaf van 90 tot 100 woorde aangebied word.

**Leeders moet die karakterskets in 'n paragraaf aanbied. Die volgende kan daarin opgeneem word.**

- **Die karakter is 'n dertienjarige seun wat 'n bok moet skiet as voortsetting van die familietradisie.**
- **Hy voel anders as die ander seuns daaroor. Hy is fynbesnaard en dit is vir hom aaklig om 'n bok te skiet.**

- Die hele proses maak hom ongelukkig, want hy moet dit teen sy sin uitvoer. Dit veroorsaak innerlike konflik en ongelukkigheid.

## **Volksverhaal: Hoe die sebra se strepe gekry het deur Dawid van Lill**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Na wie verwys die subopskrif as dit sê 'n *San-storie*?  
**Dit verwys na die Koisan-volk. Dit is dus 'n volksverhaal uit die Koisan-gemeenskap.**
2. Watter verwysing in die eerste paragraaf is vreemd? Wat word daardeur bereik?  
**Die verwysing na die diere wat "nuut" was, is vreemd. Dit wil eintlik net te kenne gee dat die gebeure baie lank gelede, aan die begin van die skepping, plaasgevind het.**
3. Die bobbejaan het gesê dat hy die *heer van die water* is.
  - 3.1 Hoe is iemand as daar na hom as 'n *heer* verwys word?  
**As daar na 'n man as 'n ware heer verwys word, beteken dit dat hy konsidererend, gaaf, galant is.**
  - 3.2 Dink jy hierdie is die regte woordkeuse om die bobbejaan te beskryf?  
**Nee, die bobbejaan was beslis nie 'n galante heer nie.**
  - 3.3 Watter woord sou meer toepaslik gewees het?  
**Die woord *heerser* sou beter gepas het.**
4. Lees paragraaf 3 aandagtig deur. Watter twee menslike kenmerke kom hier voor wat 'n kenmerk van 'n volksverhaal is?  
**Vermensliking van die karakters (die sebra het 'n seun) en die diere wat praat.**
5. Hoekom is dit wat die sebra se seun die bobbejaan toesnou in paragraaf 4 baie ironies?  
**Hy snou hom toe en sê dat hy 'n aangesig is. Dit is ironies, want die bobbejaan is 'n aap. Gewoonlik word dit 'n mens toegesnou as jy hom wil beledig.**
6. Skryf die lewenslesse wat uit hierdie verhaal geleer word, neer.  
**Die leerders skryf die lewenslesse wat uit hierdie verhaal geleer kan word, neer.**  
**'n Mens moet mededeelsaam wees.**  
**'n Natuurlike hulpbron (water) is almal s'n en moet opgepas word.**  
**As twee mense baklei oor iets, stap 'n derde dikwels daarmee weg, ensovoorts.**

## **Volksverhaal: Die slim haas deur Makopo**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Waarom word Haas en Leeu telkens met hoofletters geskryf?  
**As dit as eiename gebruik word, is dit hoofletters. As dit as soortname gebruik word, is dit kleinletters.**
2. Watter vooruitsig word daar deur die stippels aan die einde van die eerste paragraaf gesuggereer? Word dit later waar in hierdie volksverhaal?  
**Daar word gesuggereer dat Haas oneerlik is. Later in die verhaal kom dit na vore as hy vir Leeu jok en sê dat die bobbejane sy welpies doodgemaak het.**
3. Hoekom het Leeu iemand nodig gehad om sy welpies op te pas?  
**Hy wou gaan jag om kos vir sy welpies te voorsien.**
4. Waarom is die woorde *hulle het elke dag lekker saamgespeel* in paragraaf 3 sterk ironies?

**Dit was net 'n front om die leeu gerus te maak en dit was net 'n middel tot die haas se uiteindelige doel: om die welpies op te eet.**

5. Haas stel 'n bisarre speletjie voor. Wat moes die welpies doen?

**Hulle moes stoei en die een wat verloor, moet deur die ander opgeëet word.**

6. Waarom is dit geloofwaardig dat die laaste welpie wel vir die haas teen die grond gedruk het?

**'n Leeuwelpie is baie groter én sterker as 'n haas. Dit is dus geloofwaardig dat hy die "geveg" sou wen. En hy het reeds al die ander welpies opgeëet en was dus sekerlik "sterk".**

7. In die eerste paragraaf word Haas as slim beskryf. Watter slim plan prakseer hy om uit die moeilikheid te kom? Waarom is hierdie argument van hom uiters ironies?

**Hy sê dat daar dan niemand sal wees wat die welpie sal oppas nie. Dit is ironies, want hy het nie die welpies opgepas nie, maar wel opgevreet!**

8. Wat het die haas gedoen dat die leeu sy storie oor die bobbejane geglo het?

**Hy het hom met doringtakke oor sy lyf en gesig gekrap totdat dit erg gebloe het.**

9. 'n Volksverhaal het nie noodwendig 'n gelukkige einde nie. Hoe sluit paragraaf 11 hierby aan?

**Die leser verwag dat daar nog iets gaan gebeur, dat die haas sy moses gaan teëkom. Maar die slotparagraaf dui aan dat dit die einde van die storie is. 'n Volksverhaal het dikwels 'n oop einde.**

### **Volksverhaal: Hoe die krokodil sy growwe vel gekry het deur Dawid van Lill**

#### **Voorgestelde antwoord**

**Hierdie volksverhaal uit Namibië dra 'n sterk morele les oor. Die krokodil wat baie trots voel omdat die ander mense hom bewonder, verwys na die mens wat ook enige iets sal doen om deur omstanders bewonder te word. Die krokodil wat buite die water bly sodat die diere hom kan raaksien, verwys ook na die mens wat baie ydel is en enige iets sal doen om deur ander bewonder te word. Daar is ook 'n les te leer uit die son wat die krokodil se gladde vel droog en knobbelrig agterlaat. Die son rig ook groot skade aan die mens se vel en sonbrand moet met verantwoordelik gedoen word.**

### **Volksverhaal: Die prins en die vark deur Pearl Aung**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Hierdie is 'n tipiese volksprokie. Bestudeer die verhaal en maak 'n lys van die kenmerke van 'n volksprokie wat hierin voorkom soos hierbo uiteengesit.

**Dit begin soos 'n tipiese sprokie: eendag was daar ...**

**Dit het 'n gelukkige einde.**

**Daar is die goeie (jongste prins) wat teenoor die slegte (oudste broers) staan.**

**Allerlei ongelooflike dinge gebeur: vark wat praat, donkie wat in perd verander, ens.**

**Die verhaal is bondig en kompak. Daar is nie baie karakterontwikkeling wat plaasvind nie.**

**Die ruimte is onbekend.**

**Die goeie seëvier aan die einde en die held kry die meisie (prinses).**

**Daar word simbole gebruik (drie broers), ensovoorts.**

**Die leerders kan ook van die ander elemente byvoeg.**

2. Watter lewenslesse word uit hierdie verhaal geleer? Maak 'n lys van hierdie lesse.

**Hoogmoed (soos uitgebeeld deur die ouer broers) kom tot 'n val.**

**Dit is goed om 'n ouer mens wat in nood is, te hulp te snel.**

**Moenie begerig wees nie (die ouer broers het die mooi meisies begeer).**

**Wees altyd nederig en hou by jou woord.**

**Innerlike skoonheid is net so belangrik as uiterlike skoonheid, ensovoorts.**

### **Volksverhaal: Antjie Somers deur Pieter W. Grobbelaar**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Wat is 'n paaiboelie (paragraaf 1)?

**Dit is iets waarmee iemand bang gemaak word. Kinders word dikwels bang gemaak dat Antjie Somers hulle sal vang as hulle iets verkeerd doen.**

2. Haal drie woorde uit die eerste paragraaf aan om een van die wesenskenmerke van 'n volksverhaal saam te vat.

**'n Wesenskenmerk van 'n volksverhaal is dat dit van een geslag na die ander oorgedra word. Die drie woorde *baie geslagte kinders* in paragraaf 1 verwys na hierdie kenmerk.**

3. Watter kontras is daar in paragraaf 1 in die beskrywing van Antjie Somers?

**Die kontras tussen sy naam Antjie Somers (vrou) en *hy was 'n man*.**

4. Hoe word Andries Somers in paragraaf 2 beskryf?

**Hy was fluks, hardwerkend, 'n held.**

5. Wat het aanleiding gegee tot die geveg waarin Andries Somers met die vissers betrokke was?

**Hulle was jaloers op hom (afguns is daar altyd).**

6. Was Andries Somers werklik 'n moordenaar? Wat kan jy ter verdediging van hom aanvoer?

**Hy was alleen teen die klomp vissers. Dit kon dalk 'n ongeluk gewees het wat die persoon se dood veroorsaak het.**

7. Wat beteken die woorde: *Op 'n plaas agter die berge gaan verhuur hy hom* (paragraaf 4)?

**Hy het as 'n plaasarbeider gaan werk. Die mense het hom gehuur (betaal) om by hulle op die plaas te werk.**

8. Watter karaktereienskappe van Andries Somers kom in paragraaf 4 en paragraaf 7 na vore wat aansluit by die slotparagraaf?

**Hy is hardwerkend en hy is verdraagsaam. Maar hy probeer ook wegkom van sy probleme. Hy word in die slotparagraaf as dapper en fluks beskryf.**

9. Hoekom het 'n mens 'n mate van simpatie met Andries Somers?

**Hy was seker inherent 'n goeie hardwerkende mens wat deur die ongevoeligheid van ander om hom altyd as 'n buitestander gevoel het.**

### **Volksverhaal: Die slang wat wou vlieg**

#### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Kyk in die pre-luister-fase na die skets. Kan jy hieruit aflei waarom die verhaal handel?

**In die illustrasie word uitgebeeld hoe die slang aan die stok vasbyt. Die leser kan min of meer daaruit aflei wat gaan gebeur.**

2. Waarom is die slang ongelukkig? Watter duidelike kontras is hier tussen hom en die jakkalsvoëls.

**Die slang is ongelukkig omdat hy op die grond moet seil terwyl die voëls hoog deur die lug vlieg. Daar is 'n duidelik kontras: hoog bo die lug en onder op die grond. Hierdie twee kontraste skep juis spanning.**

**Die jakkalsvoëls dink glad nie hulle wêreld daar bo in die lug is idillies nie, terwyl die slang sy aardsgebondenheid verfoei. Hierdie is 'n direkte verwysing na die mens wat nooit tevrede is nie.**

3. Uit watter oogpunt word hierdie verhaal vertel? Skryf 'n aanhaling neer as bewys.

**Uit die oogpunt van die alomteenwoordige verteller. Hy vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Leerders gee enige aanhaling uit die teks.**

4. Bestudeer die botsings wat in hierdie verhaal voorkom.

4.1 Haal 'n voorbeeld van 'n uiterlike botsing aan.

**Enige voorbeeld van uiterlike botsing uit die teks, byvoorbeeld die arend wat uitlokkende vrae vra om die slang kwaad te maak.**

4.2 Haal 'n voorbeeld van 'n innerlike botsing aan.

**Enige voorbeeld van innerlike botsing uit die teks, byvoorbeeld die slang se begeerte om te kan vlieg al het hy nie vlerke nie.**

5. Beskryf die milieu (tyd en ruimte) kortliks.

**Die verhaal speel af oor 'n paar dae in 'n bergagtige woestyn in Mexiko.**

6. Is hierdie verhaal 'n illusie van die werklikheid?

**Nie, die gebeure in die verhaal kan nie werklik gebeur nie.**

7. Leerders skryf die lewenslesse wat uit hierdie verhaal spruit, puntsgewys onder mekaar neer. Probeer soveel moontlik lewenslesse aflei.

- 'n Mens moet tevrede wees met jou lot. Die slang wou 'n voël wees en het gedink dit is lekker om deur die lug te vlieg.
- Mense moet goedgeaard wees en na mekaar luister. Die Jakkalsvoëls was goedgeaard en het slang jammer gekry.
- Elke mens het 'n plek op aarde. Die jakkalsvoëls het weer vir die slang beny omdat almal vir hom bang is.
- Deur vernuftig te dink, kan 'n mens 'n plan maak. Die jakkalsvoëls het 'n plan prakseer om die slang in die lug te kry.
- Baie kan vermag word as 'n mens saamwerk. Die voëls kon nie alleen die slang die lug opvat nie, maar toe hulle saamwerk, was dit wel moontlik.
- Die mens is maar van nature nuuskierig. Toe die ander voëls sien dat daar 'n slang aan 'n stok hang, het hulle nadergevlieg om te kyk wat aangaan.
- Daar is altyd mens wat ander spot en so reaksie uitlok. Arend het sy bes probeer om die slang uit te lok sodat hy los en na onder val.
- Daar is altyd sagmoedige mense wat ander met raad wil bedien. Die duif het aan die slang gesê om hom nie aan die arend te steur nie.
- 'n Mens moenie gulsig en gierig wees nie, dit laat 'n mens dikwels in die moeilikheid beland. Die slang se gulsigheid het hom in die turksvybos laat beland.